Biblioteek- en Inligtingsdiens

# JAARVERSLAG 2024

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT


Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT
Templeton
Prize winner
Prof Pumla
Gobodo-Madikizela
Congratulations
Siyavuyisana nawe
Veels geluk

# Inhoudsopgawe


| | | |
|---|---|---|
| 1 | Inleiding | 1 |
| 2 | Hoogtepunte | 3 |
| 3 | Die Biblioteek in 'n oogopslag | 5 |
| 4 | Ons dienste - responsief, sowel digitaal as fisiek | 9 |
| 5 | Ons versamelings - deurbreekte grense | 15 |
| 6 | Ons tegnologie - die "digitale eerste-ervaring" | 23 |
| 7 | Akademieskap - gee vorm aan die toekoms van akademiese verkenning | 27 |
| 8 | Vennootskappe - bande wat saamweef | 35 |
| 9 | Ons mense - bekwaamheid onder 'n diverse personeelkorps | 37 |
| 10 | Ander aktiwiteite | 41 |
| 11 | Slotopmerkings | 47 |



*“Die Biblioteek vervul steeds ’n integrale rol in die bevordering van navorsingsuitnemendheid. Sodoende help ons die Universiteit Stellenbosch (US) se doelwit nastreef om globale uitdagings aan te pak en terselfdertyd impakvolle navorsing te bevorder wat deur die Afrikakonteks belig word.*

*Die Biblioteek het in 2024 innoverende nutsmiddels bekendgestel, impakvolle navorsingsprogramme aangebied en samewerkende geleenthede gehou. Dit alles help die US om die instelling se posisie aan die voorpunt van navorsing en innovasie te handhaaf, plaaslik sowel as internasionaal.*

*Hoewel die jaar verskeie uitdagings meegebring het – wat tegnologie, die omgewing en finansies betref – het die Biblioteek ook getrou gebly aan ons oogmerk om die in inligtingsbehoeftes van die akademiese gemeenskap en breër publiek te voorsien.”*

Prof Sibusiso Moyo, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies

# 1 INLEIDING

# Inleiding

Ons het in 2024 weer uitdagings én oorwinnings beleef – 'n jaar gekenmerk deur opwindende ervarings sowel as waardevolle lesse, waarin die Biblioteek deurgaans moeite gedoen het om vir ons gebruikersgemeenskap tersaaklik te bly.

Die nasleep van die Covid-19-pandemie was steeds in ons werksaamhede en dienslewering waarneembaar. Een opvallende uiteinde daarvan is dat die Bellvillepark-kampus Biblioteek as fisieke takbiblioteek gesluit het.


Wat strategie betref, bly ons onwrikbaar daartoe verbind om die US se Visie 2040 te ondersteun deur navorsing, onderrig en leer van wêreldgehalte te bevorder by wyse van innoverende en impakvolle biblioteek- en inligtingsdienste. Na aanleiding van 'n oorsig van ons strategiese plan en aksies, en van die verslag oor opkomende tendense wat aan die akademiesebiblioteek-landskap vorm gee, het ons besluit om ons vyfjaar-strategiese plan met 'n jaar te verleng (dit sou aanvanklik in 2025 ten einde loop).

As deel van ons gedrewenheid om vir ons gebruikersgemeenskap tersaaklik te bly, het ons 'n opname onderneem om ons kliënte se diversiteit en hulle gebruikspatrone van ons ruimtes te verstaan. Die opname is deels gemotiveer deur ons 2022-selfevaluering, waarin die eksterne evalueerders aanbeveel het dat ons ons ruimtes verbeter om te verseker dat alle takke 'n ooreenstemmende gebruikerservaring bied. Die bevindings sal toekomstige besluite belig en ons help om 'n omgewing te skep wat verwelkomend en inklusief vir al ons kliënte is. Die opname het ook meer as 3 000 opmerkings opgelewer. Die ontleding daarvan mag verdere probleme uitwys wat gebruikers teëkom. Aan die ander kant sou dit ook aspekte kon uitlig wat ons gebruikers tevrede stel, selfs opgewonde maak.

Die Universiteit se agenda vir digitale transformasie het baie aandag in 2024 gekry, en die Biblioteek het gereageer deur voortgeset slimtegnologieë innoverend te benut. Ons het dit gedoen deur op die potensiaal van die jongste ontwikkelings in kunsmatige intelligensie (KI) te fokus ten einde ons huidige diensaanbod te verryk. Deur intensioneel die digitalisering van alle biblioteekprosesse en werkvloei te bevorder, bly ons met die agenda vir digitale transformasie belyn. Inisiatiewe van hierdie aard in 2024 was, onder meer, die aktivering van 'n generatiewe-KI-"soek as 'n diens" (Eng. search experience service) deur middel van die Primo-opsporingraakvlak; die implimentering van 'n reëlsgebaseerde kletsbotstelsel – met die oogmerk om dit na 'n herwinning-aangevulde generatiewe (Eng. RAG-) kletsbotstelsel op te gradeer; en ondersteuning vir robotika-studenteprojekte in ons Makerspace.

Samewerking en vennootskappe bly sleutel-instaatstellers van ons sukses, soos om gunstige subskripsieooreenkomste te bekom danksy ons lidmaatskap van SANLiC (die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium).

Ons personeel bly die dryfkrag agter die Biblioteek se prestasies. In 2024 het party kollegas aan internasionale uitruilprogramme deelgeneem, ander het geleenthede benut om werksessies en vaardigheidsopleiding by te woon, en 'n paar het formele kwalifikasies verwerf. Dit getuig van ons verbintenis daartoe om 'n bevoegde, diverse en beweeglike personeelkorps op te bou wat strook met die Universiteit se kern- strategiese tema om 'n voorkeurwerkgewer te wees.



# HOOGTEPUNTE 2

# Hoogtepunte

Die Biblioteek het verskeie mylpale in 2024 behaal, soos om die eerste gasheer van die IAML Kongres op Afrikabodem te kon wees, OT te bevorder deur die #BeOpenAccessSmart-webinaarreeks in te stel en kurator te wees van 'n spesiale uitstalling ter viering van Suid-Afrika se 30 jaar as demokrasie. Gereelde gebeure, soos Biblioteeknavorsingsweek en die onderafdeling Manuskripte se Woordfees-lesing, was weer eens suksesvol. Ons het ook personeelprestasies, innovasies en toekennings gevier.

## IAML Kongres

Die 2024 Kongres van die IAML (die internasionale vereniging van musiekbiblioteke, argiewe en dokumentasie), van 20 tot 28 Junie, was die eerste keer dat hierdie toonaangewende geleentheid op Afrikabodem plaasgevind het. Deurdat die kongres nasionale en internasionale afgevaardigdes bymekaarbring, bied dit 'n belangrike geleentheid vir sommige Biblioteekpersoneellede om 'n kongres van hierdie kaliber by te woon en referate op so 'n vlak te lewer. IAML 2024 het baie goed by die Universiteit se internasionaliseringsagenda aangesluit: afgevaardigdes uit 28 lande – onder meer 8 Afrikanasies – het die openingseremonie op 23 Junie bygewoon.

## Bekendstelling van nutsmiddel vir data-bestuursbeplanning (SunDMP)

Nog 'n hoogtepunt was die bekendstelling van 'n nutsmiddel vir databestuursbeplanning, SunDMP, wat navorsers bystaan om databestuursplanne (DBP's) op te stel – iets wat befondsers dikwels vereis. In haar bekendstelling van dié nuwe nutsmiddel vir doeltreffende hantering van navorsingsdata het prof Sibusiso Moyo – Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies – die nut daarvan vir US-navorsers beklemtoon. Sy het hulle aangemoedig om SunDMP te benut en sodoende vir die Universiteit opbrengs te lewer op die instelling se belegging in sulke navorsingsnutsmiddels.

## #BeOpenAccessSmart-webinaarreeks

Die Biblioteek het op 17 September 'n geslaagde nuwe webinaarreeks oor OT bekendgestel. Dit was deels in reaksie op die behoefte aan beter opleiding oor OT, aangesien nie alle navorsers bekend is met die OT-publikasie-opsies wat vir hulle beskikbaar is nie. Thanos Giannakopoulos van die Verenigde Nasies se Dag Hammarskjöld Biblioteek het die bekendstellingseminaar aangebied. Sy aanbieding het gehandel oor (G)KI, oop toegang en volhoubare ontwikkeling – die evoluerende rol van biblioteke in 'n transformerende wêreld. Die webinaar het onder meer die konvergensie van generatiewe KI (GKI) verken, asook OT en volhoubare ontwikkeling, en die kritieke rol beklemtoon wat biblioteke op daardie gebiede vervul. Ons het 460 inskrywings uit 23 lande ontvang, en minstens 180 persone het die geleenthede bygewoon.

## Biblioteeknavorsingsweek

Biblioteeknavorsingsweek was besonder geslaagd in 2024, met 780 deelnemers. Die tema, 'Kom ons bereik uitnemendheid in navorsing', het aangesluit by een van die Universiteit se kernwaardes – navorsingsuitnemendheid. Die program het, soos gewoonlik, bestaan uit daaglikse webinare oor alle aspekte van die navorsingsproses, van hoe om 'n navorsingsvoorstel voor te berei en te skryf tot hoe om navorsingsimpak te bepaal.

## Lesing aangebied deur die onderafdeling Manuskripte

Die 2024-lesing deur die onderafdeling Manuskripte, wat deel van die Woordfees-reeks Diskoers uitmaak, het 60 gaste gelok. Die lesing het demokrasie deur die lens van primêre dokumente by Spesiale Versamelings verken. Die diverse paneel het besin oor die belang van primêre bronne in navorsing en kontekstualisering in Suid-Afrika se politieke geskiedenis.

## Uitstalling: 30 Jaar van Demokrasie

Ter viering van 30 jaar van demokrasie in Suid-Afrika het die US Biblioteek 'n spesiale uitstalling oor die pad na die oorgang tot 'n nuwe bestel aangebied. Dit was agt maande by ons te sien voordat die uitstalling verskuif is na die Stellenbosch Openbare Biblioteek, waar 'n nog groter gehoor dit kan geniet.

Ons het dokumente ten toon gestel wat by ons afdeling Spesiale Versamelings bewaar word, onder meer seleksies uit die Suid-Afrikaanse Skuldkrisis 1985/86 Versameling, die Frederik Van Zyl Slabbert Versameling, die IDASA Versameling, die Suid-Afrikaanse Verkiesings Versameling en meer. Die materiaal – dokumente, foto's, koerante, politieke plakkate en boeke – het sleutelmomente in Suid-Afrika se demokratiese geskiedenis uitgebeeld.

## IFLA PressReader-toekenning vir internasionale bemarking

Die Biblioteek het 'n verdere veertjie in die hoed ontvang: Ons was, ondanks strawwe mededinging van 107 voorleggings vanoor die wêreld, onder die tien finaliste vir die International Federation of Library Associations se gesogte PressReader-toekenning vir internasionale bemarking. Die toekenning gee aan die Biblioteek erkenning vir kreatiewe TikTok-bemarkingsveldtogte wat ontwerp is om studente deur middel van dinamiese en toeganklike inhoud te help om gevoelens van bedreiging en onsekerheid te oorkom wanneer hulle die Biblioteek gebruik. In hulle evaluering loof die IFLA-beoordelaarspaneel die kreatiwiteit, tersaaklikheid en geslaagdheid van die veldtog om studente te boei en noem dit baanbrekervooruitgang in uitreiking na studente.

# 3 DIE BIBLIOTEEK IN 'N OOGOPSLAG



# Die Biblioteek in 'n Oogopslag

## ONS PERSONEEL

**102** personeellede

GESLAG

**65%** vroue

**35%** mans

## ONS OPLEIDINGSINISIATIEWE

**14 791** kliënte het opleiding gekry

**65** #SmartResearcher opleidingsessies aangebied

**40** #SmartStudent opleidingsessies aangebied

**76** Makerspace opleidingsessies aangebied

## ONS OOPTOEGANG- (OT-) INISIATIEWE

**16** lees-en-publiseer-ooreenkomste

**690** artikels in gevolge lees-en-publiseer-ooreenkomste gepubliseer

**21** aktiewe OT-vaktydskrifte op SUNJournals gehuisves

#BeOpenAccessSmart-webinaarreeks

## GEBRUIKERSBETROKKENHEID

**1 811 522** fisieke besoeke

**514 768** webbladbesoeke

**470 244** besigtigings van Bibgidse

**519 579** soektogte op "Soek biblioteekbronne"

## ONS RUIMTES

**1**
Makerspace
(US biblioteek)

**2**
navorsingsentrums
(US Biblioteek, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek)

**6** biblioteke
(hoofbiblioteek en 5 takke)

**23 262**
m² altesaam (alle biblioteke)

**2 756**
werkruimtes vir kliënte altesaam (alle biblioteke)

**49**
seminaarlokale altesaam (alle biblioteke)

**310**
rekenaars vir studente

**5**
leer-/digitale sentrums en e-klaskamers
(US Biblioteek, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek, Ingenieurswese en Bosbou Biblioteek)

## ONS HULBRONNE

**805 049**
gedrukte boeke

**19 029**
e-boeke

**18 819**
items in SUNDigital Collections

**381 671**
vaktydskriftitels met volteksotoegang

**35 675**
items in SUNScholar


**6 193**
datastelle in SUNScholarData

**4 810**
lineêre meter manuskrip-versamelings

## BEGROTING: INLIGTINGSHULPBRONNE

| 2023 | 2024 |
|---|---|
| R119 074 522 | R123 413 849 |


EXIT
client service
kliëntediens




# 4

# ONS DIENSTE

responsief, sowel digitaal as fisiek

# Ons Dienste

**Hierdie gedeelte sluit aan by ons strategiese doelwit 1:** om responsiewe, transformerende en inklusiewe dienste oor digitale en fisiese omgewings heen te lewer en sodoende navorsing, onderrig en leer te ondersteun en te bevorder.

Die Biblioteek sit ons kritieke rol voort om studentesukses op te bou deur middel van gerigte handelings wat in ons studente se ontwikkelende behoeftes wil voorsien.

In die dinamiese wêreld van toegang tot opvoeding en inligting bly ons daartoe verbind om akademiese prestasie te verseker. Snel veranderings het voortdurende evaluering en aanpassing genoodsaak, wat die Biblioteek gevestig het as 'n gekonsolideerde spilpunt wat hulpbronne en ruimtes verskaf aan kliënte op kampus sowel as elders.

Ons hibridiese benadering beklemtoon hierdie aanpasbaarheid wat gebruik maak van innoverende nutsmiddels, soos die Vra 'n Bibliotekaris-diens en LibChat, wat intydse aanlyn steun op aanvraag verskaf. Nietemin is dit duidelik dat ons fisieke ruimtes waardevol bly. Synde 'n oase vir individuele en samewerkende studie, toegerus met Wi-Fi, bied die Biblioteek 'n inklusiewe omgewing wat vir diverse leervoorkeure ingerig is.


## 4.1 Digitale en inligtingsvaardighede

### *Modulespesifieke opleiding*

Fakulteitsbibliotekarisse bied modulespesifieke opleidingsessies aan wat vir akademiese modules of vakke pasgemaak is en kliënte van die toepaslike vaardighede, kennis en hulpbronne voorsien wat by hulle kursuswerk aansluit, asook van 'n vakspesifieke biblioteekgids.

Altesaam 11 216 kliënte het aan modulespesifieke opleidingsessies deelgeneem: 8 406 voorgraadse en 2 787 nagraadse studente. Figuur 2 en 3 wys hoe hierdie getalle saamgestel is.

Figuur 1 toon dat die getal kliënte gestyg het sedert 2022, toe dit die laagste was (7 947). Dit weerspieël die volle uitwerking van die Covid-19-beperkings in 2022.




**Figuur 1:** *Modulespesifieke opleiding 2022-2024*

### *Algemene opleiding – #SmartStudent*

Algemene opleiding via #SmartStudent-werksessies rus studente toe met vaardighede om betroubare inligting te myn, navorsing te doen en verskeie biblioteekdienste ten beste te benut. Bywoning van die meeste sessies het in 2022 die toppunt bereik, en in 2023 en 2024 aansienlik afgeneem.


'n Nuwe sessie oor generatiewe kunsmatige intelligensie (GKI) in 2024 het 26 deelnemers getrek, wat van die groeiende belangstelling in KI-verwante onderwerpe getuig. Fakulteitsbibliotekarisse het KI ook in modulespesifieke opleiding gedek. Sessies wat steeds gewild was, is 'Verbeter jou strategie vir 'n literatuursoektog' en 'Verwysings 101'.

**Tabel 1:** *Bywoning van #SmartStudent-opleiding 2022-2024*

| #SmartStudent-opleidingsessies | Bywoning 2022 | Bywoning 2023 | Bywoning 2024 |
|---|---|---|---|
| Skep en bestuur kursusleeslyste in SUNLearn (vir dosente) | 48 | 23 | 12 |
| E-boek-werksessie | 29 | 12 | 14 |
| Vind boeke of artikels met die Biblioteek se soekenjin of vakspesifieke databasisse | 69 | 22 | 28 |
| Vind betroubare inligting op Google en Google Scholar | 54 | 18 | 15 |
| Verbeter jou strategie vir 'n literatuursoektog | 64 | 30 | 35 |
| Bekendstelling aan die Biblioteek | 49 | 19 | 13 |
| Bekendstelling aan die Universiteit Stellenbosch Biblioteek se Makerspace | 24 | 10 | 4 |
| Afkampus toegang tot die Biblioteek se e-bronne | 48 | 9 | n.v.t. |
| Verwysings 101 | 76 | 20 | 38 |
| Inleiding tot verantwoordelike generatiewe-KI-gebruik op universiteit | | | 26 |
| | 461 | 163 | 185 |

### *Opleiding vir voorgraadse studente*


Die getal deelnemers was wisselvallig: Nadat dit in 2022 skerp gedaal het (tot 5 395) – waarskynlik weens die nagevolge van die pandemie – het dit in 2023 sterk herstel en by 10 471 gaan draai.




***Figuur 2:*** *Voorgraadse studente opgelei 2022-2024*

### *Modulespesifieke opleiding*

Die getal nagraadse deelnemers het geleidelik vanaf 2022 tot 2024 aangegroei. Ondanks hierdie toenemende betrokkenheid het die getalle laer as voor die pandemie gebly.





***Figuur 3:*** *Nagraadse studente opgelei 2022-2024*

### *Biblioteekgidse*

Ons biblioteekgidse ("Bibgidse") is noodsaaklik om navorsing te ondersteun en inligtingsgeletterdheid te bevorder. Hierdie navorsinggerigte gidse bied aan studente 'n samevoeging van vakspesifieke hulpbronne. Deur maklike toegang tot tersaaklike, gesaghebbende inhoud te verskaf, sluit ons Bibgids-aanbod regstreeks aan by US-strategiese doelwitte soos om studentesukses te verbeter, navorsingsvermoëndhede te bevorder en akademiese uitnemendheid na te streef.

'n Paar interessanthede oor die benutting van Bibgidse in 2024: die gids vir Regsgeleerdheid het die 100 000-kerf vir besigtigings oorgesteek en daarmee die titel met die meeste besigtigings onder hierdie gidse geraak; navorsingsgebaseerde gidse (bv. EndNote, en Verwysings en Navorsingsprosesse) het gewild gebly; en bewustheid van ooptoegangnavorsing (bv. OT-publikasies en OT-handboeke) het toegeneem.




***Figuur 4:*** *Totale jaarlikse Bibgids-besigtigings 2022-2024*


***Tabel 2:*** *Gewildste Bibgidse in 2024*

| | Biblioteekgids | Besigtigings |
|---|---|---|
| 1 | Regsgeleerdheid | 105 922 |
| 2 | Stap-vir-stap-gids om inligting doeltreffend op te spoor, toegang te kry en te benut | 104 854 |
| 3 | EndNote 21 | 28 069 |
| 4 | Biblioteekure | 25 489 |
| 5 | Verwysings | 20 197 |
| 6 | Navorsingsproses | 12 014 |
| 7 | Politieke Wetenskap | 9 208 |
| 8 | Ooptoegangpublikasie | 9 086 |
| 9 | Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | 8 983 |
| 10 | Sielkunde | 7 985 |
| 11 | Ooptoeganghandboeke | 7 340 |
| 12 | Teologie | 6 950 |
| 13 | Mendeley | 6 192 |
| 14 | Wetenskap in konteks | 5 056 |
| 15 | Gids tot Suid-Afrikaanse musiekversamelings | 4 861 |
| 16 | Makerspace | 4 766 |
| 17 | E-boeke | 4 482 |
| 18 | Ekonomie | 4 262 |
| 19 | EBW professionele kommunikasie | 3 782 |
| 20 | Nutsmiddel vir databestuursbeplanning | 3 733 |

## 4.2 Biblioteekgebruik

Figuur 5 toon die jaarlikse getal biblioteekbesoeke oor die afgelope drie jaar by al ons biblioteke.

Daar was groei oor die tydperk heen, wat die geleidelike terugkeer na normale interaksie en die heropening van fisieke ruimtes na die pandemie weerspieël. Biblioteekgebruik het in 2023 aanhou groei. Die toegangstatistieke het in 2024 tot 1 811 522 geklim – 'n 23%-toename vanaf 2023. Dit getuig van die volhoubare belangstelling in toegang tot die Biblioteek as fisieke ruimte.




***Figuur 5:*** *Biblioteektoegangstatistieke 2022-2024*

## 4.3 Makerspace

Ons Makerspace funksioneer steeds as dinamiese spilpunt vir innovasie, samewerking en kreatiwiteit wat studente, akademiese personeel en ander personeel bemagtig met toegang tot baanbrekertegnologie en vaardighede wat in aanvraag is.

Ons het 76 opleidingsessies in 2024 aangebied, wat meer as 471 deelnemers gelok het. Bywoning het met 'n uitstekende 57% gegroei, wat van groter betrokkenheid en verbeterde sessie-impak getuig en bevestig dat die Makerspace 'n noodsaaklike hulpbron is wat innovasie en opvoeding binne die US-gemeenskap help opbou.

***Tabel 3:*** *Makerspace-toegangstatistieke 2021-2024*

| | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 |
|---|---|---|---|---|
| **Totale heksyfers (ingang)** | n.v.t | n.v.t. | 9 251 | 8 705 |
| **Totale heksyfers** | 5 088 | 5 482 | 5 852 | 6 130 |

Volgehoue groei vanaf 2021 (5 088) tot 2024 (6 130) toon 'n 20%-toename sedert die Makerspace ingerig is.

## 4.4 Deelname aan die Akademieskap van Onderrig-Leer-Assessering Konferensie

Die tema van die 2024- Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL) Konferensie, 'Op pad na geïntegreerde studentesukses', het die klem op 'n studentgerigte benadering tot onderrig, leer en assessering (OLA) aan die US laat val. Die fokus was op emosionele intelligensie, inklusiwiteit, digitale geletterdheid en die rol van KI in hoër onderwys.

Die konferensie versterk samewerking tussen die Sentrum vir Leertegnologieë en fakulteite vir kurrikulumontwikkeling. Die geleentheid het beklemtoon watter rol die Biblioteek vervul om studentesukses en inklusiwiteit op te bou en terselfdertyd in behoeftes van digitale en KI-geletterdheid te voorsien. Dit het uitvoerbare idees en samewerkende bande voortgebring wat impakvolle inisiatiewe in 2025 sal dryf.

## 4.5 Leganto-stelsel vir kursusleeslyste

Die Leganto-stelsel vir kursusleeslyste maak dit vir dosente moontlik om leeslyste direk op die US-leerbestuurstelsel te skep en te bestuur. Aangesien Leganto met die Moodle-omgewing geïntegreer en aan die biblioteekbestuur- en -opsporingstelsels gekoppel is, bespaar dit tyd vir dosente en dien dit as gekonsolideerde spilpunt met leerhulpbronne vir studente.

Die Biblioteek het in 2024 nou saamgewerk met fakulteite, die Sentrum vir Leertegnologieë en die Afdeling Informasietegnologie om kursusleeswerkvloei vir dosente in Moodle te verbeter. Individuele en groepopleidingsessies is gehou om bewustheid van Leganto te skep, en in Maart het ons 'n werksessie vir LSW-dosente (van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe) – 'Kursusleeslys en kopiereg' – aangebied in samewerking met die LSW-adviseur: Hoër Onderwys en die US Kopieregkantoor.


Leganto is opgegradeer na 'n nuwe, meer intuïtiewe gebruikersraakvlak met 'n meer gestroopte aansig en gevoel sowel as verbeterde mobiele responsiwiteit.

Wat ingebruikneming deur departemente betref, het 41 van die 78 US-departemente Leganto-leeslyste teen Desember 2024 ingevoer. Daaronder was Agronomie, Antieke Studies, Bewaringsekologie en Entomologie, Bedryfsielkunde, Sielkunde, Psigiatrie, Visuele Kunste en die Skool vir Publieke Leierskap. Die departemente Siviele Ingenieurswese en Maatskaplike Werk het Leganto vir die eerste keer in gebruik geneem.

## 4.6 Virtuele inligtingsdienste

### *Vra 'n Bibliotekaris*


Kliënte het ons virtuele inligtingsdiens, Vra 'n Bibliotekaris, goed benut. Met die bladsye met gereelde vrae (Eng. FAQs) kan kliënte antwoorde kry sonder om 'n nuwe vraag in te stuur, wat duplisering en moeite bespaar.




***Figuur 6:*** *Getal besigtigings van Vra 'n Bibliotekaris se gereelde vrae 2022-2024*

Besigtiging het in 2022 piekgetalle bereik en teen 2024 aansienlik geval: tot 10 486 besigtigings, wat 24,3% minder as in 2023 is. Dit kan dui op verminderde betrokkenheid, verskuiwings in gebruikersgedrag of opleiding wat gebruikers bemagtig het om inligting vanaf die Biblioteek se webwerf te myn.

Figuur 7 toon 'n volgehoue afname, ook in nuwe vrae wat gestel is. Dit korreleer dalk met verminderde besigtigings van gereelde vrae, aangesien minder bywerkings gebruikersbelangstelling sowel as die waargenome tersaaklikheid van die inhoud kan laat afneem.





***Figuur 7:*** *Nuwe vrae geplaas op Vra 'n Bibliotekaris 2022-2024*

### *LibChat*

LibChat, die ingeboude verwysingsmodule vir LibAnswers, stel biblioteke in staat om klets-widgets te skep en vas te lê wat gebruikers toelaat om tydens kantoorure intyds met Biblioteekpersoneel te skakel. Bibliotekarisse moniteer navrae aktief en reageer daarop. Onder die algemeenste navrae was versoeke om spesifieke artikels, boeke, sagteware en databasistoegang, en bystand om aan te teken. Gebruikers het ook operasionele inligting gevra, soos hoe om vertrekke te bespreek, oor sirkulasiesyfers en versoeke om boeke te hernu. Meer diepgaande bystand is ook aangevra, veral vir navorsingsteun deur fakulteitsbibliotekarisse. Altesaam 432 navrae is in 2024 hanteer.

## 4.7 Uitneemstatistieke

Figuur 8 toon die uitneemtendense by die Biblioteek en verskaf insig om die benutting van hulpbronne te optimeer.




***Figuur 8:*** *Uitneemstatistieke 2022-2024*

Oorhoofse tendense toon dat daar in 2023 meer by die US Biblioteek uitgeneem is as in 2022, waarna dit in 2024 afgeneem het. Die 2024-totaal, 59 596, was 12% minder as in 2023. Die kan 'n verskuiwing in gebruikersvoorkeure weerspieël, of toenemende gebruik van digitale bronne, of ander eksterne faktore.

Figuur 9 verteenwoordig uitneemstatistieke vanuit alle biblioteke van 2022 tot 2024. Daar is elke jaar aansienlik meer by die US Biblioteek uitgeneem as by ander takke, aangesien dit ons hoofbiblioteek is, met die meeste asook die mees diverse versamelings.




***Figuur 9:*** *Uitneemstatistieke US Biblioteek en takbiblioteke 2022-2024*

## 4.8 Interbiblioteeklenings

Aangesien een biblioteek nie altyd in alle kliënte se behoeftes kan voorsien nie, bly interbiblioteeklenings 'n belangrike diens. Die Biblioteek vra dikwels boeke vanaf ander biblioteke, nasionaal en internasionaal, aan om by ons gebruikers te besorg. Net so leen ander biblioteke by ons.

Die Biblioteek het 1 397 versoeke in 2024 ontvang, meestal binnelands, en ons het 1 187 items aan ander biblioteke gestuur.

# 5

# ONS VERSAMELINGS

## deurbreekte grense

# Ons Versamelings




**Hierdie gedeelte sluit aan by ons strategiese doelwit 2:** om akademieskap en leer te versnel deur optimale toegang tot formaatneutrale, responsiewe versamelings te verskaf.

Wat versamelings betref, het die Biblioteek op die volgende handelings gefokus:

- Brei die verskaffing van digitale inhoud uit.
- Verbeter die opspoorbaarheid van alle inligtingsbronne.
- Optimeer toegang tot en benutting van gedigitaliseerde inhoud.
- Ontwikkel innoverende en aanloklike metodes om ons eiesoortige versamelings ten toon te stel.
- Die Biblioteek het verder gevorder met die aksieplan om rekords te omskep ter voorbereiding op ontwikkelende formate. Die afdeling Metadatabestuur het hard hieraan gewerk deur die gehalte van ons metadata te verbeter met behulp van die Geskakeldedataprojek, wat sentraal tot die omskepping van bibliografiese rekords staan. Verskeie AACR2-rekords (wat die Anglo-American Cataloguing Rules volg) is in die RDA-standaard (vir hulpbronbeskrywing en toegang) omskep en alle nuwe bibliografiese rekords word volgens RDA beskryf.

## 5.1 Materiaalbegroting

Om die finansiële volhoubaarheid van die begroting te verseker is 'n intensiewe evaluering en hersiening van subskripsies in 2024 uitgevoer. Die onderneming het besparings meegebring wat herlei sal word om kritieke inligtingsbronne aan te koop en om die subskripsieversameling te herbelyn met die oog daarop om gapings in versamelings te vul.

Die Universiteit se toekenning vir biblioteekmateriaal vir 2024 was R125 574 781. Die bedrag sluit R97 003 826 uit die Institusionele Begroting in, 'n toename van 1.62% op die 2023 toekenning, en R28 570 955 uit die Universiteit se beleggingspoelfondse om die tekort as gevolg van 'n hoër buitelandse wisselkoers te dek.

## 5.2 E-vaktydskrifte en databasisse

R94 372 328 van die materiaalbegroting is vir subskripsies (vaktydskrifte en databasisse) toegeken. Dit sluit nie verlengings in nie. Ons het 270 gedrukte vaktydskrifte en 283 e-vaktydskrifte in 2024 by die versameling gevoeg, wat die totale vaktydskrifsubskripsies op 553 te staan bring.

Die Biblioteek het toegang tot 381 671 volteksvaktydskrifte verskaf, en tot 110 databasis-en-vaktydskrifpakkette.

Die tabel hier onder wys die 25 gewildste databasisse op grond van gebruik in 2024.

***Tabel 4:*** *Top 25 databasisse volgens gewildheid*

### TOP 25 DATABASISSE 2024


| DATABASIS/VAKTYDSKRIFPAKKET | FAKULTEIT | GEBRUIK/ VOLTEKS-AFLAAIE |
|---|---|---|
| Scopus | Algemeen | 1 852 559 |
| PressReader | Algemeen | 1 390 888 |
| ScienceDirect (Elsevier) | Algemeen | 1 028 879 |
| Web of Science | Algemeen | 842 869 |
| Springer Nature journal package | Algemeen | 405 607 |
| Wiley Online Library | Algemeen | 298 885 |
| Taylor & Francis. SSH and S&T Journals | Algemeen | 278 479 |
| JSTOR | Algemeen | 180 996 |
| UpToDate | Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | 153 122 |
| Endnote | Algemeen | 142 136 |
| LexisNexis Law Database South Africa | Regsgeleerdheid | 139 111 |
| Sage Premier Journal Collection | Algemeen | 110 127 |
| EasyData | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 89 383 |
| ACS (American Chemical Society) publications | Natuurwetenskappe | 78 034 |
| Knovel | Ingenieurswese | 77 143 |
| IEEE | Ingenieurswese | 76 182 |
| APA PsycINFO | Lettere en Sosiale Wetenskappe | 73 146 |
| Oxford Journal Collection | Algemeen | 70 960 |
| South African Labour | Algemeen | 63 318 |
| Sabinet African Journals | Algemeen | 61 363 |
| ProQuest One Business | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 59 600 |
| Encyclopaedia Britannica | Algemeen | 52 257 |
| HeinOnline | Regsgeleerdheid | 51 604 |
| Gale Research Complete | Algemeen | 48 069 |
| Thesaurus Linguae Graecae | Lettere en Sosiale Wetenskappe | 46 571 |
| TOTAAL | | 7 671 288 |

## 5.3 Boeke


Die getal gedrukte boeke wat ons in 2024 aangekoop het, was 38% minder as in 2023: 1 131 teenoor 1 814. Dit is weens die beperkte begrotingstoekenning vir aankope van gedrukte boeke vir 2024, wat genoodsaak is deur die maatreëls om koste te besnoei wat die Universiteit in 2024 deurgevoer het.

Die getal e-boeke wat ons in 2024 aangekoop het, was 36,75% minder as in 2023: 389 teenoor 615. R1 818 169,60 is in 2023 bestee.

Die grafieke wat volg, toon hoe ons versamelings gedrukte en e-boeke gegroei het.




***Figuur 10:*** *Groei van versameling gedrukte boeke 2013-2024*




***Figuur 11:*** *Groei van versameling e-boeke 2013-2024*

## 5.4 Spesiale Versamelings

### *Navorsingsuitsette*

Benutting van ons afdeling Spesiale Versamelings – Manuskripte, Raar Boeke en Africana – en versamelings in die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) het die volgende navorsingsuitsette opgelewer:

### *Artikels*

- Bangani, S. 2024. Leveraging community engagement to contribute to Sustainable Development Goals 8 and 11. *IFLA Journal*, 50(3):451-462. https://doi.org/10.1177/03400352241263533.

  (Africana, Manuskripte: verskeie versamelings)

- Lambrechts, L, Lindström, K, Hansen Van der Watt, L-M, Pitta, F, Deane, N, Moreschi, B & Petersen, L. 2024. Decay without mourning: Future-thinking heritage practices. *International Journal of Heritage Studies*:1-18. https://doi.org/10.1080/13527258.2024.2417062.

  (DOMUS: Hidden Years-musiekargiefprojek [HYMAP])

- Ncume, PS. 2024. Stellenbosch University Library exhibition celebrates 30 years of democracy. *Liasa-In-Touch*, 25(3):25.

  (Manuskripte: verskeie SA politieke versamelings)

### *Boek*

- Cleophas, F. 2024. *Physical education and physical culture in South Africa, 1837-1966*. Cham: Springer.

  (Africana)

### *Aanbiedings by konferensies*

- Gollom, I. 2024. An overview of the life and career of South African concert pianist Lionel Charles Bowman (1919-2006) as compiled from the primary source material in the Lionel Bowman collection. IAML Kongres, Departement Musiek, Universiteit Stellenbosch, 23-28 Junie.

  (DOMUS: Lionel Bowman Versameling)

- Khati, P. 2024. Preservation of Special Collections material at Stellenbosch University Library and Information Service. T Tweehonderdjaar-konferensie oor die bewaring van kennis en dokumentêre erfenis, Thaba Bosiu-kultuurdorpie, Maseru, Lesotho, 22-24 Augustus.

  (Manuskripte: verskeie versamelings)

- Lambrechts, L & Van der Want, S. 2024. Life in the archive: Investigating growth and decay in the Hidden Years Music Archive. 18de jaarlike SASRIM Konferensie, Departement Musiek, Universiteit van die Witwatersrand, 26-28 Julie.

  (DOMUS: HYMAP Versameling)

- Lambrechts, L & Van der Want, S. 2024. Making the invisible visible: Investigating the hidden life of fungi in the archive. IAML Kongres, Departement Musiek, Universiteit Stellenbosch, 23-28 Junie.

  (DOMUS: HYMAP Versameling)

- Röntsch, M. 2024. Persona and the archive: Reconsidering the Christopher James Biography Project. 18de jaarlike SASRIM Konferensie, Departement Musiek, Universiteit van die Witwatersrand, 26-28 Julie.

  (DOMUS: Christopher James Versameling)

- Ncume, PS. 2024. Bringing the 'hidden' to the 'public': The case of Hidden Years Music Archive. IAML Kongres, Departement Musiek, Universiteit Stellenbosch, 23-28 Junie.

  (DOMUS: HYMAP Versameling)



***Figuur 12:*** *Personeel van die Musiekbiblioteek, van links: Sonette le Roux, Melten Fortuin, Santie de Jongh, Mbongiseni Magagula en Beulah Gericke-Geldenhuys.*

### Tesisse en proefskrifte

- Bergemann, KJ. 2024. The Runaways: A study of enslaved, apprenticed and indentured labour flight at the Cape in the emancipation era, 1830-42 [Intyds]. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. Beskikbaar: https://scholar.sun.ac.za/server/api/core/bitstreams/10eddb3c-72ad-431b-b737-6defe0e179ed/content.

  (Africana, Raar Boeke)

- Malan, E. 2024. Vir die Musiekleier / To the Director of Music: Bydraes tot navorsing van orrel- en kerkmusiek (1980-2020) [Intyds]. Ongepubliseerde magistertesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. Beskikbaar: https://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/130257.

  (DOMUS: SAKOV Versameling)

- Struwig, M. 2024. An intellectual history of institutionalised music studies in South Africa [Online]. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. Beskikbaar: https://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/130248.

  (DOMUS: Bernard van der Linde, SASRIM)

  (Africana, Manuskripte: versamelings – GG Cillié jr, WJ du P Erlank, HB Thom)

### Nuwe versamelings en byvoegings

Vyf nuwe versamelings is aan DOMUS geskenk:


- Die versameling van die komponis Surendran Reddy, geskenk deur Heike Asmuss, is uit Duitsland verskeep. Die Africa Open Institute (AOI) het die koste gedra.
- Sandra Cohen het video's en klankopnames aan die Joodsemusiekversameling geskenk.
- Philippe en Marika Moonens het CD's met werk deur Hendrik Hofmeyr, Arnold van Wyk en René Maillard geskenk toe hulle ons op 27 Maart 2024 besoek het. Die CD's bevat werk wat deur Marika Moonens (née Hofmeyr) uitgevoer is.
- Bret Werb het 'n CD met Joodse musiek, Ballads and Broadsides, tydens die IAML se 2024-kongres geskenk.
- Garth Chilvers het twee boeke en 'n CD-ROM (met 'n verwysingsgids) oor populêre Suid-Afrikaanse musiekkunstenaars geskenk wat deur die skenker en Tom Jasiukowiez saamgestel is.




***Figuur 13:*** *CD's met werk deur Hendrik Hofmeyr, Arnold van Wyk en René Maillard*





***Figuur 14:*** *Heike Asmuss, skenker van die Surendran Reddy Versameling*




***Figuur 15:*** *CD met Joodse musiek, Ballads and Broadsides, wat Bret Werb geskenk het*

Daar was vier byvoegings tot die Musiekbiblioteek se DOMUS-versamelings in 2024:

- Nico Carstens se seun, Klem Carstens, het die volledig gedigitaliseerde versameling van Carstens sr. op 'n hardeskyf, asook papierdokumente, geskenk toe hy ons op 15 Augustus besoek het.
- Die Suid-Afrikaanse komponis John Simon het tydens sy besoek van 6 November 'n CD met sy volledige werke (PDF- en Sibelius-formaat), sowel as bladmusiek, geskenk.
- Die komponis Michael Blake het dokumente van die vakkundige en komponis June Schneider geskenk, asook aantekeninge, korrespondensie en musiekmanuskripte deur Blake self.
- Die musiekwetenskaplike Christine Lucia het navorsingsmateriaal oor die Suid-Afrikaanse komponis Michael Moerane geskenk.




***Figuur 16:*** *'n Musiekmanuskrip deur die komponis Michael Blake*



***Figuur 17:*** *Klem Carstens oorhandig die Nico Carstens Digitale Databasis aan Beulah Gericke-Geldenhuys en Santie de Jongh by die US Musiekbiblioteek*

Die volgende items is in 2024 tot die onderafdeling Manuskripte toegevoeg:

- Edwin Cameron Versameling – meer dokumente en artikels oor regter Cameron se werk [MS 461]
- Van Wijk Rynse Sendinggenootskap Versameling [MS 295]
- New Unity Movement Versameling [MS 463]
- US Biblioteek Versameling [MS 354]

## 5.5 Geleenthede en uitstallings

Die volgende geleenthede, uitstallings en aktiwiteite is in 2024 onderneem om bewustheid van Spesiale Versamelings en DOMUS te skep:

- Die IAML het op 13 Maart 'n aanlyn geleentheid aangebied om hulle 2024-kongres te open. Dit was 'n filmvertoning oor items uit die versamelings wat by DOMUS gehou word oor die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Joodse Musiek, Nico Carstens, Patrick Lee-Thorp, Albert Coates, John Roos, Eoan Group en die Konservatorium.
- Tydens die IAML Kongres is dokumente uit die Eoan Group Versameling – wat in DOMUS bewaar word – in die voorportaal van die Musiekbiblioteek uitgestal.
- Die onderafdeling Manuskripte het hulle 14de Woordfees-lesing op 1 Oktober aangebied. Dit het gefokus op versamelings oor die politieke geskiedenis en die pad na demokrasie in Suid-Afrika vanaf 1980. Die lesing het 'n hele aantal studente gelok; waarskynlik weens 'n kombinasie van die onderwerp en 'n vennootskap met die Departement Joernalistiek wat 'n werkopdrag aan studente ingesluit het. Daar was ±60 deelnemers. Die geleentheid het leersame en interaktiewe gesprekke opgelewer.
- VASSA (die vereniging vir Suid-Afrikaanse inheemse argitektuur) en die familie van James Walton het die Biblioteek op 3 April besoek om 'n uitstalling van 'n versameling oor inheemse argitektuur by ons afdeling Spesiale Versamelings te kom besigtig.



***Figuur 18:*** *Lede van VASSA en familielede van James Walton beskou die dokumente uit die James Walton Versameling*






6

# ONS TEGNOLOGIE

die “digitaal eerste”-ervaring

# Ons Tegnologie

**Hierdie gedeelte sluit aan by ons strategiese doelwit 4:**
om ons leierskapsrol in digitale akademieskap en navorsingsteun by die instelling te versterk.

Die Biblioteek se tegnologiestrategie word gestuur deur strategiese intervensies wat slimtegnologieë innoverend aanwend om 'n diens en ervaring te bemoontlik waarin digitaal voorop staan. In die fisieke biblioteekomgewing word hierdie "digitaal eerste"-benadering verwesenlik deur selfbystand-tegnologieë en -innovasieruimtes; in die aanlyn biblioteekomgewing, deur die instelling van geoutomatiseerde en direkte kliëntedienste. Hierdie strategiese intervensies word met die Biblioteek se onderskeie strategiese doelwitte belyn om te verseker dat ons met die jongste tegnologiese ontwikkelings tred hou ten einde ons kliënte en personeel te bedien.




***Figuur 19:*** *Personeel van Inligtingstegnologiedienste (ITD), van links: Wouter Klapwijk, Clint September, Natasja Malherbe, Anita Liebenberg, Marlon Adams en Shaun Adams*

## 6.1 Digitale transformasie

Die Biblioteek het in 2024 voortgegaan om slimtegnologieë innoverend aan te wend deur op die potensiaal van die jongste ontwikkelings in kunsmatige intelligensie (KI) te fokus ten einde ons bestaande diensaanbod te verryk. Ons KI-inisiatiewe word gestuur deur ons strategie wat digitaal voorop stel. Dit, weer, sluit sterk aan by die US se agenda vir digitale transformasie deurdat ons doelgerig die digitalisering van alle biblioteekprosesse en -werkvloei bevorder. Só slaan ons munt uit vorige investering, toe ons 'n wolkgebaseerde biblioteekstelsel in 2016 in gebruik geneem het. 'n Voorbeeld van hierdie strategie uit 2024 is die aktivering van die Primo-navorsingsassistent, wat soek as 'n diens met behulp van GKI verrig via die Primo-opsporingraakvlak.

Die primêre fokus van KI-invoering volgens die strategie wat digitaal eerste stel is op applikasies in natuurliketaalverwerking (Eng. NLP), uitgebreide steun vir robotika-studenteprojekte in ons Makerspace, en voortgesette investering in kennisvoorstellingsprojekte – soos die projek vir geskakelde oop- bibliografiese data. Die Biblioteek het in 2024 met behulp van applikasies in hierdie KI-fokusareas aktief geleenthede ondersoek om toegang tot versamelings te optimeer, ons werksaamhede vaartbelyn te maak, navorsingsteundienste te verbeter en aan gebruikers 'n beter ervaring te gee. Die geleenthede wat dit aan die lig gebring het, is opgeneem in 'n KI-raamwerk om toekomstige KI-implementeringsprojekte te stuur en Biblioteekpersoneel se vaardighede in tersaaklike KI-geletterdhede te ontwikkel. Ons het ons ondersoek na 'n datavisualiseringstelsel vir ingebruikneming in 2025 afgehandel. Die Biblioteek het ook wesenlik gevorder met die instelling van virtuelewerklikheid- (VR-)dienste – as voorloper vir 'n raamwerk vir datavisualiseringsdienste – deur studente met behulp van VR-kopstelle in VR op te lei.

Die eerste projek wat in 2024 uit die KI-raamwerk voortgevloei het, was die instelling van 'n reëlsgebaseerde kletsbotstelsel. Ons beoog om dit binnekort na 'n RAG-stelsel op te gradeer. In die huidige formaat beantwoord die kletsbot vooraf omskrewe verwysingsvrae. Die plan is om dit in 2025 op die Biblioteek se webwerf in gebruik te neem. Voorbereidende werk vir die herinstelling van die Biblioteek se webwerf in 2025 is ook in 2024 afgehandel. Die webwerf kan nou as afsonderlike databasis in die US Drupal-stelsel geïnstalleer word. Dit sal pasmaking van die Biblioteek se webwerf fasiliteer wat betref diepgaande inligtingsontwerp, ryk dinamiese inhoud en doelgemaakte opsporingsdienste.

## 6.2 Navorsingsdatabestuur

Die Biblioteek het aktief aan die invoering van 'n nuwe navorsingsdatastelsel aan die US, Symplectic Elements, meegewerk. Die proses sluit in dat SUNScholar met Symplectic Elements geïntegreer is en selfdeponering van OT-navorsingsuitsette deur akademiese outeurs fasiliteer. Dit, weer, help met verslagdoening aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) vir publikasiesubsidies. Die Biblioteek het ook die voorbereidende werk gedoen om ORCID-ID's in Symplectic Elements te aktiveer. Dit sal beteken dat US-navorsers se ORCID-profielrekords outomaties bygewerk bly – iets wat vereis word om omvattende navorserprofielrekords in die Symplectic Discovery-stelsel in stand te hou.

## 6.3 Hulpbronne – opspoorbaarheid en toegang

Die Biblioteek het in 2024 goed daarmee gevorder om vir studente en dosente beter toegang te gee tot akademiese hulpbronne wat op ons biblioteekbestuur- en kursusbestuurstelsels, Leganto en Alma, beskikbaar is. Ons het dit gedoen deur die proses voort te sit om ligginggebaseerde toegang tot elektroniese hulpbronne te vervang met die gebruikergebaseerde toegangsdienste van SAFIRE (die Suid-Afrikaanse identiteitsfederasie). Sodoende moderniseer die Biblioteek voortdurend ons stelsels om toegang tot elektroniese hulpbronne te bied én beveilig ons daardie bronne teen kuberaanvalle en identiteitsroof. Vir akademiese bronne wat nog nie met die SAFIRE-standaard versoenbaar is nie, onderhou die Biblioteek steeds ons afkampus Ezproxy-stelsel. Die Biblioteek bly 'n vertroude kampvegter vir OT by wyse van die wye reeks dienste en inligtingstelsels wat ons aanbied.




discussion room 3 | gesprekskamer 3
1028 B

7

# AKADEMIESKAP

## gee vorm aan die toekoms van akademiese verkenning

# Akademieskap

**Hierdie afdeling sluit aan by ons strategiese doelwit 4:** om ons leierskapsrol in digitale akademieskap en navorsingsteun by die instelling te versterk.

## 7.1 Vakkundige Kommunikasie

Vakkundige Kommunikasie reageer steeds op tegnologiese ontwikkelings om te verseker dat uitruiling van navorsingsuitsette en skakeling met die akademiese gemeenskap op hoë vlak voortgaan.

Skakeling met eksterne belanghebbendes het in 2024 die profiel van ons bewaarplekke verhoog. Die ondertekening van 'n ooreenkoms met die AGRIS-netwerk (die internasionale stelsel vir landbouwetenskap en -tegnologie) van die Verenigde Nasies se Wêreld-voedsel-en-landbou-organisasie sorg dat metadata uit ons institusionele bewaarplek, SUNScholar, geoes word. Dit maak US-navorsing beskikbaar op een van die omvattendste soekenjins ter wêreld vir literatuur oor voedsel- en landbouwetenskappe.


Ons het ook die Africa PID Alliance (vir konstante identifikasie) toegang gegee tot metadata in ons erfenisbewaarplek, SUNDigital Collections. Die alliansie is deel van TCC Africa (opleidingsentrums in kommunikasie) se program vir oop infrastruktuur. Hulle missie is om die toekoms van Afrika-innovasie, inheemse kennis en kultuurerfenis te beveilig deur betroubare oopnavorsing-infrastruktuurdienste te verskaf wat toegang tot kennis en metadata oor digitale voorwerpe bied. Toegang tot SUNDigital Collections stel die alliansie in staat om 'n gevallestudie te doen oor hoe versamelings in navorsingspublikasies gebruik word en, uiteindelik, om konstante identifikasie vir hierdie soort versamelings te ontwikkel.

### *Institusionele bewaarplek*


Ons het 1 259 tesisse en proefskrifte en 1 171 navorsingsartikels deur US-outeurs in 2024 tot die institusionele bewaarplek, SUNScholar, toegevoeg. Gebruikstatistieke wys dat besoeke in 2024 toegeneem het, tot ±528 000.

Die vyf gewildste items in die bewaarplek in 2024 was:

- 'Bantoe-onderwys sedert die Wet op Bantoe-onderwys, 1953', 'n 1965-tesis – 3 504 besigtigings;
- 'Corruption: consequences for socio-economic well-being in South Africa', 'n 2019-artikel – 3 104 besigtigings;
- ''n Behoefte aan die integrering van tegnologie in die Afrikaans Huistaal-klaskamer om die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede te ondersteun: 'n gevallestudie', 'n 2019-artikel – 2 580 besigtigings;
- 'The influence of music on concentration in individuals with ADHD', 'n 2020-tesis – 1 629 besigtigings; en
- 'Civilian-military interaction on the Matie campus: the "battle of Wilgenhof", 1957', 'n 2009-artikel – 1 197 besigtigings.




***Figuur 20:*** *Navorsingsuitsette op SUNScholar bygevoeg 2022-2024*




***Figuur 21:*** *Gebruik van SUNScholar 2022-2024*

### *Digitale erfenisbewaarplek*


Ons het ons digitale erfenisbewaarplek, SUNDigital Collections, in 2024 met 325 items uitgebrei. Die totaal staan nou op 18 819. Items is by verskeie bestaande versamelings gevoeg, soos die IDASA Versameling en die Suid-Afrikaanse Verkiesings Versameling. 'n Merkwaardige nuwe versameling is dié van die koerant *De Paarl,* wat uit 1892 dateer. Die welbekende Afrikaanse familiesaak DF du Toit en Kie. was die uitgewers. Hierdie koerante bied 'n fassinerende blik op die alledaagse lewe op 'n Wes-Kaapse dorpie in die 20ste eeu. Hulle het ook die destydse nasionale en selfs internasionale nuus gedek.

Die bewaarplek is meer as in 2023 gebruik: Besigtigings het toegeneem van 43 090 tot 50 226, en aflaaie van 19 685 tot 24 826. Die meeste besoeke in 2024 was uit Noord-Amerika, terwyl dit in vorige jare uit Afrika gekom het.


Ons het 'n voorlopige ondersoek na die impak van hierdie bewaarplek gedoen. 'n Google Scholar-soektog het getoon dat 52 navorsingsuitsette voortgevloei het uit versamelings

of items wat by SUNDigital Collections gehuisves word. Dit sluit verskeie vaktydskrifartikels, tesisse en proefskrifte, hoofstukke uit boeke en 'n bydrae tot die *Oxford Research Encyclopedia of African History* in.


Byvoorbeeld, 'Between memory and history: the restoration of Tulbagh as cultural signifier' is J Augustyn-Clark se 2017-tesis aan die Universiteit van Kaapstad, wat uit die André Pretorius Versameling geput het'; W Raaijmakers het vir sy hoofstuk 'Advertising the enslaved for sale 1830-4' in 'n boek die *De Zuid-Afrikaan* Versameling (oor die destydse koerant) benut; en 'The complexities of heritage production in a South African community from the 1900s to the present: Graaff-Reinet, a Case Study' is AF Kayster se doktorale proefskrif aan die US, wat na die HB Thom Versameling verwys.




**Figuur 22:** *Toename in items in SUNDigital Collections sedert ontstaan*




**Figuur 23:** *Gebruik van SUNDigital Collections 2022-2024*




**Figuur 24:** *SUNDigital Collections-besoeke per kontinent 2024*

### *Huisvesting van vaktydskrifte*

SUNJournals, die Biblioteek se diens wat OT-vaktydskrifte huisves, het 67 navorsingsuitsette deur US-navorsers in 21 aktiewe vaktydskrifte in 2024 aangebied. Ons het in 2024 een vaktydskrif by die platform gevoeg: *R&D Journal of The South African Institution of Mechanical Engineering.*

Ons het die CiteScore-meting gebruik om die impak te ondersoek van vaktydskrifte wat deur die Biblioteek gehuisves word. Verskeie vaktydskrifte het hoë sitasietellings behaal. Vir die *South African Journal of Enology and Viticulture* was die gemiddelde sitasiekoers 2,5 per artikel, wat dit in die 60ste persentiel plaas vir bronne in daardie kategorie. *Lexikos* het ook goed gevaar deur die 68ste persentiel vir leksikografiese vaktydskrifte te haal.

## 7.2 Navorsingsteun

### *#SmartResearcher-opleiding*

Die #SmartResearcher-sessies bied praktiese en teoretiese opleiding wat op nagraadse studente en vroeëloopbaan-navorsers gemik is. Die struktuur van die opleiding is op die navorsingsproses geskoei. Die 2024-program was net so geslaagd as in vorige jare. Die getal deelnemers het ook toegeneem vanaf 2023: vanaf 1 043 tot 2 611. Ons het in 2024 hibridiese werksessies bekendgestel, maar kon te min persoonlike bywoning lok om voortgesette gebruik van die elektroniese klaskamer te regverdig. Gevolglik het die werksessies in die tweede semester weer net aanlyn plaasgevind.

Die Biblioteek het 'n paar nuwe werksessies in 2024 bekendgestel. Die vernaamste is 'EndNote vir verwysingsbestuur', wat Mendeley-opleiding vervang het. Ander nuwe werksessies is, onder meer, 'Verhoog jou navorsingsimpak deur ooptoegangpublikasie', 'Makerspace vir navorsing en innovasie – 3D-drukwerk, snelprototipering en meer', 'Tableau vir intermediêre gebruikers' en 'Sistematiese oorsigte vir geneeskunde en gesondheidswetenskappe'.

Kliënte wat drie of meer werksessies bygewoon het, het aan die vereistes vir 'n bywoningsertifikaat voldoen. Ons het 11 versoeke om sulke sertifikate in 2024 ontvang.

***Tabel 5:*** *Bywoning van #SmartResearcher-werksessies 2024*

| Werksessie | Deelneemers | Besigtigings van opname |
|---|---|---|
| 'n Oorsig van SUNScholarData – die SU institusionele bewaarplek | 24 | 3 |
| Kopieregkwessies met die skryf van tesisse en proefskrifte | 27 | 6 |
| Databestuursbeplanning | 49 | 5 |
| EndNote vir verwysingsbestuur | 297 | 119 |
| EndNote vir verwysingsbestuur by Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe | 50 | 1 |
| Verhoog jou navorsingsimpak deur ooptoegangpublikasie | 16 | 0 |
| Hoe om regeringstatistieke op te spoor | 33 | 6 |
| Hoe om 'n literatuuroorsig te doen | 305 | 89 |
| Verhoog die sigbaarheid van jou navorsingsuitset deur self-argivering | 6 | 1 |
| Inleiding tot Microsoft PowerBI | 59 | 34 |
| Inleiding tot Spesiale Versamelings: Hoe om primêre versamelings te hanteer | 19 | 0 |
| Inleiding tot Tableau Public en RAWGraphs vir datavisualisering | 51 | 16 |
| Biblioteekoriëntering vir nagraadse studente en akademiese personeel | 135 | 36 |
| Makerspacefor Navorsing en Innovasie – 3D-drukwerk, Vinnige Prototipering en Meer | 12 | 1 |
| Belangrike besluite oor die publikasie van jou navorsing | 13 | 2 |
| Bestuur jou unieke outeursidentiteit met ORCID | 16 | 0 |
| Maksimeer jou navorsingsimpak | 2 | 1 |
| Migrasie van jou Mendeley-biblioteek na EndNote | 136 | 39 |
| Migrasie van jou Mendeley-biblioteek na EndNote (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) | 31 | 2 |
| 'n Oorsig van sagteware vir doeltreffende dataontleding en visualisering | 82 | 25 |
| Beginsels van datavisualisering | 103 | 8 |
| Nutsmiddels, hulpbronne en opleiding vir NDB | 48 | 6 |
| Lewer jou tesis/proefskrif op SUNScholar in | 78 | 0 |
| Sistematiese Oorsigte | 103 | 36 |
| Sistematiese Oorsigte vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | 2 | 3 |
| Tableau vir Gemiddelde Gebruikers | 17 | 11 |
| Wenke oor hoe om jou tesis te formateer (MS Word) | 255 | 54 |
| Gereedskap en toepassings vir navorsing | 109 | 21 |
| Totaal | 2078 | 525 |

### *Navosingsimpakverslae*

Om navorsers te help om hulle navorsingsimpak aan te toon, het ons verslae aan navorsers verskaf met data uit vyf databasisse – Google Scholar, Web of Science, Scopus, Dimensions en Altmetric Explorer. Ongeveer 40 volledige verslae is aan individuele navorsers gelewer. Die verslae het 'n MS Power BI-verslag ingesluit, wat fyner besonderhede oor 'n navorser se uitset verskaf, asook metings wat met hulle publikasies verband hou.

Fakulteitsbibliotekarisse het minder versoeke vir bibliometriese ontledings ontvang as in 2023: ±140 versoeke in 2024 (230 in 2023). Hierdie versoeke het SciVal-verslae, h-indeks-versoeke, vaktydskrifaanwysers en, in sommige gevalle, 'n oorsig van metings vir navorsers uit 'n hele departement of fakulteit ingesluit. SciVal is 'n navorsingsprestasie-assesseringsnutsmiddel wat gebruikers in staat stel om navorsingsprestasie te visualiseer, yking met verwysing na eweknieë te doen en navorsingstendense te ontleed.

Ons het 'n templaat ontwerp wat die vernaamste metings vir individuele outeurs verskaf volgens SciVal-data vanaf 1996. Die templaat is aan die hele Universiteitsgemeenskap via die SciVal-platform beskikbaar gestel. Tabel 6 toon die statistieke vir gebruik in 2024.

***Tabel 6:*** *SciVal-gebruikstatistieke Januarie tot Desember 2024*

| 2024 | Jan. | Feb. | Mrt | Apr. | Mei | Jun. | Jul. | Aug. | Sep | Okt. | Nov. | Des. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Gebruikers | 32 | 17 | 32 | 35 | 44 | 36 | 40 | 33 | 32 | 41 | 38 | 21 | 401 |
| Besoeke | 74 | 32 | 71 | 68 | 96 | 105 | 78 | 81 | 55 | 85 | 98 | 63 | 906 |
| Bladsy-besigitgings | 620 | 129 | 474 | 524 | 600 | 841 | 453 | 497 | 356 | 649 | 662 | 505 | 6 310 |

Vervolgens is SciVal-gebruik aan die US vergelyk met statistieke vir die drie topgebruikers van SciVal onder Suid-Afrikaanse universiteite. Tabel 7 toon dat die US baie goed met ander universiteite vergelyk. Die data weerspieël die syfers vir 2024 en dek slegs gebruikers wat aangeteken het.


***Tabel 7:*** *Hoogste SciVal-gebruik aan universiteite, vergeleke met die gemiddelde vir Suid-Afrika en gebruik aan die US*

| Universiteit | Aangetekende gebruikers | Aangetekende besoeke | Bladsy-besigitgings |
|---|---|---|---|
| Universiteit 1 | 549 | 1 488 | 6 333 |
| Universiteit 2 | 486 | 1 155 | 6 527 |
| Universiteit 3 | 348 | 1 084 | 7 756 |
| SA gemiddelde | 220 | 560 | 3 819 |
| Universiteit Stellenbosch | 428 | 906 | 6 310 |

### *Unieke outeursidentifikasie met Open Researcher and Contributor ID (ORCID)*

Teen die einde van 2024 het 8 113 US-personeellede en  studente wat 'n US e posadres gebruik ORCID-ID's geregistreer – 1 160 meer as teen die einde van 2023. Uit daardie 8 113 het 2 149 (27%) hulle ID's deur die Universiteit se integrasie met ORCID aan hulle US-identiteite gekoppel (kyk Figuur 25).

Integrasie tussen ORCID en die institusionele bewaarplek, SUNScholar, is in 2023 deurgevoer. Teen Desember 2024 was 425 ID's op dié manier gekoppel, terwyl 315 navorsers hulle ID's via Symplectic Elements gekoppel het.





***Figuur 25:*** *ORCID-ID's wat met 'n US-e-posdomein gekoppel is, vergeleke met die getal navorsers wat hulle ID's via US-integrasie gekoppel het.*

### *Navorsingsdatadienste*

Die Biblioteek het ons inisiatiewe vir navorsingsdatabestuur (NDB) steeds verder gevoer en daarmee verseker dat navorsers met die nodige nutsmiddels en kennis toegerus is om hulle data doeltreffend te bestuur. Voortgesette gebruik van ons aanlyn hulpbronne en die geslaagde ingebruikneming van innoverende nutsmiddels en dienste getuig van ons verbintenis daartoe om navorsingsdatakuratorskap te verbeter.

Die Bibgids Data Management Planning Tool (SunDMP) kon met 3 766 besigtigings gedurende die 2024- akademiese jaar spog, terwyl 3 802 besigtigings vir Research Data Management Guide aangeteken is (Figuur 26). Hierdie hulpbronne het omvattende steun aan navorsers verskaf met die skep en instandhouding van robuuste databestuursplanne.




**Figuur 26:** *Besigtigings van die Bibgidse oor NDB*

### *Nutsmiddel vir databestuursbeplanning (SunDMP)*

Die reis tot met die bekendstelling van SunDMP op 13 Mei, gedurende die openingsgeleentheid van Biblioteeknavorsingsweek 2024, het in 2023 begin. Hierdie innovasie vul ons internasionaal gesertifiseerde databewaarplek, SUNScholarData, aan. Die nutsmiddel, wat deur FAIR Wizard aangedryf word, is ontwerp om navorsers te bemagtig sodat hulle gedetailleerde databestuursplanne kan opstel wat die vereistes nakom, en hulle navorsingsdata doeltreffend oor die data se lewensiklus heen kan bestuur. SunDMP vergestalt die US se verbintenis daartoe om NDB-praktyke te bevorder wat met die FAIR-beginsels strook: opspoorbaar, toeganklik, onderling bedryfbaar en herbruikbaar.

Die Biblioteek het 'n reeks werksessies, aanbiedings en bemarkingsaktiwiteite georganiseer om SunDMP aan die navorsingsgemeenskap bekend te stel en ingebruikneming daarvan aan te moedig. Hierdie inisiatiewe is versterk deur 'n strategiese kommunikasieveldtog wat artikels en nuus oor die amptelike US-platforms heen behels het, onder meer die Biblioteek se nuusbrief, webwerf en sosialemediakanale.

Teen die einde van 2024 was daar beduidende gebruikerbetrokkenheid op die platform, met 125 aktiewe gebruikers en 121 databestuursplanne wat met behulp van SunDMP gegenereer is. Fakulteitsbibliotekarisse was deurslaggewend in hierdie prestasie: Deur saam met navorsers te werk om die platform te pasmaak vir die behoeftes van spesifieke dissiplines het hulle help verseker dat dit oor die breë navorsingsomgewing aan die US heen benut kan word.

Die Biblioteek het ook SunDMP-Woensdae ingestel om navorsers toe te rus met die vaardighede en kennis om die nutsmiddels doeltreffend te navigeer en aan te wend. Hierdie sessies, wat via MS Teams gehou is, is ontwerp om omvattende leiding te verskaf oor die skep van databestuursplanne wat aan die standaarde van befondsers en etiese nakoming voldoen. Ons het 26 SunDMP-Woensdae gehou, met 90 bevestigde inskrywings en 34 deelnemers.

### *SUNScholarData*

Om die omvang van SUNScholarData, ons institusionele databewaarplek, uit te brei, het die Biblioteek 'n metadataveld bekendgestel waarmee navorsers 'n volhoubareontwikkelingsdoelwit (Eng. SDG) kan kies waarby hulle navorsing inskakel. Die keuse van 'n SDG as geïntegreerde kenmerk van SUNScholarData verhoog nie net die sigbaarheid en impak van die navorsing nie, maar belyn ook die instelling ook met globale prioriteite. Hierdie inisiatief verryk geleenthede vir samewerking, befondsing en erkenning deurdat dit die kollig skyn op die rol wat die Universiteit vervul om vordering ten opsigte van SDG's oor veelvuldige fronte heen te dryf. Tabel 8 toon die gebruik van SUNScholarData in 2024.

**Tabel 8:** *Gebruikstatistieke vir SUNScholarData 2024*

| | |
|---|---|
| Aflaaie | 7 173 |
| Besigtigings | 53 911 |
| Stoorplek gebruik (gigagrepe) | 108 |
| Deponeerders | 71 |
| Datadeponerings | 167 |

### *Biblioteeknavorsingsweek*

Ons inspirerende jaarlikse Biblioteeknavorsingsweek (BNW) het van 13 tot 17 Mei plaasgevind en het 780 deelnemers gelok. Die 2024-tema was 'Kom ons bereik uitnemendheid in navorsing'. Die geleentheid was met een van die Universiteit se kernwaardes – navorsingsuitnemendheid – belyn en het uitnemendheid in alle fases van die navorsingsproses ondersoek. Vooraanstaande sprekers het kundige insigte verskaf en kennis uitgeruil.

By die bekendstelling het sprekers die belangrikheid van samewerking en vennootskappe uitgelig om navorsingsimpak te bewerkstellig.

Hulle het beklemtoon dat dit nodig is om die US se navorsingsinisiatiewe te belyn met die 17 SDG's wat die Verenigde Nasies gestel het.

Prof Sibusiso Moyo, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies, was die inspirerende hoofspreker. Sy het die rol van universiteite onderstreep om globale uitdagings soos armoede, waterskaarste en ongelykheid aan te pak en terselfdertyd impakvolle navorsing te help opbou wat deur die Afrikakonteks belig word.

Die res van die BNW-program het daaglikse webinare oor aspekte van die navorsingsproses behels, soos die voorbereiding en skryf van navorsingsvoorstelle, navorsingsmetodologie, sistematiese en verkennende oorsigte, navorsingsimpak en datavisualisering.



***Figuur 27:*** *Hoofspreker by die BNW, prof Sibusiso Moyo, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies*

## EndNote 21

Die Biblioteek het in Januarie 2024 'n subskripsie uitgeneem vir EndNote 21 as 'n ondersteunde nutsmiddel vir verwysingsbestuur. Ter voorbereiding op die inwerkingstelling is ses personeellede as supergebruikers opgelei om gevorderde kliëntesteun te kan verskaf. Om te sorg dat die aanvangsfase glad verloop, is 'n verskeidenheid hulpbronne en opleidingsgeleenthede aan studente sowel as personeel beskikbaar gestel. Ons het ook 'n omvattende Bibgids oor EndNote saamgestel wat installering, stylriglyne en integrasie met US-stelsels dek. Teen die einde van 2024 is die gids 28 576 keer besigtig, wat dit die derde plek onder die gewildste Bibgidse vir die jaar besorg het.

Talle opleidingsessies is vir Biblioteekpersoneel en US-departemente aangebied by wyse van #SmartResearcher, BNW en EndNote-Maandae. Sedert Februarie 2024 het EndNote-opleiding 543 kliënte bereik en opnames is 141 keer gekyk. YouTube-video's oor EndNote het 'n bykomende 190 besigtigings gelok en die nutsmiddel is 3 491 keer afgelaai.

## #BeOpenAccessSmart-webinaarreeks

Die landskap van vakkundige kommunikasie is besig om betekenisvolle transformasie te ondergaan wat deur die globale beweging na oop wetenskap gedryf word. Die US het hierdie verskuiwing omarm by wyse van verskeie inisiatiewe, onder meer ons institusionele bewaarplekplatforms, OT-vaktydskrifstelsels, transformerende ooreenkomste (ook bekend as "lees-en-publiseer-ooreenkomste") en werksessies vir navorserbemagtiging.

Die Biblioteek het in 2024 'n nuwe webinaarreeks, #BeOpenAccessSmart, aangebied. Dit is ontwerp om oop wetenskap te bevorder en 'n meer inklusiewe navorsingsomgewing te help vorm aanneem. Die reeks, wat op navorsers en bibliotekarisse ingestel is, het as oogmerk om 'n platform vir opvoeding, gesprek en omgang oor die jongste ontwikkelings, uitdagings en geleenthede in die oopwetenskap-omgewing te verskaf.

Die bekendstellingseminaar het op 17 September begin en is aangebied deur Thanos Giannakopoulos van die Verenigde Nasies se Dag Hammarskjöld Biblioteek. Sy aanbieding het gehandel oor (G)KI, oop toegang en volhoubare ontwikkeling – die evoluerende rol van biblioteke in 'n transformerende wêreld. Die webinaar het onder meer die volgende verken: die ontwikkelende rol van biblioteke in die bevordering van KI-geletterdheid, beveiliging van dataprivaatheid, verhoogde klem op die nodigheid om sydigheid te demp en die opbou van OT vir almal. Ons het 460 inskrywings uit 23 lande ontvang, en minstens 180 persone het die geleenthede bygewoon. Dit dui daarop dat hierdie reeks moontlik globaal aantreklik is.

## Library Research News

Ons nuusbrief, *Library Research News*, is steeds suksesvol. Ons het in 2024 meestal geleenthede en algemene nuus oor navorsingsteun gedek. Die statistieke vir die gekoppelde blog, Library Research News, wys dat baie navorsers en nagraadse studente die nuusberigte gelees en die skakels na boekbekendstellings gevolg het. Die artikel oor die BNW is die meeste besigtig onder die blogplasings wat in 2024 gepubliseer is.

***Tabel 9:*** *Vyf gewildste artikels in Library Research News, volgens besigtigings*

| Artikel | Besigtigings |
|---|---|
| Library Research Week 2024 | 432 |
| New books in the Research Commons | 302 |
| A new face and place for thesis/ dissertation submissions | 296 |
| Migrating from Mendeley to EndNote | 226 |
| Common issues encountered with EndNote 21 | 207 |

### *Internasionale Ooptoegangweek*

Die Biblioteek het Internasionale Ooptoegangweek op 24 Oktober 2024 gevier met 'n hibridiese geleentheid oor die tema 'Gemeenskap bo kommersialisering'. Dit is in die US Biblioteek se ouditorium gehou en intyds gestroom, en was in die formaat van 'n paneelbespreking. Die fasiliteerder was ons Direkteur: Navorsingsdienste, dr Siviwe Bangani.

Ellen Tise (Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste) het die gesprek geopen en na die US se lang geskiedenis van verbintenis tot OT uitgelig. Sy het gepraat oor die finansiële uitdagings, soos hoë subskripsiegeld en skommelings in die plaaslike geldeenheid, wat toegang vir Suid-Afrikaanse instellings beperk.

Prof Marena Manley van die US Departement Voedselwetenskap het gepraat oor hoe OT navorsingsimpak verder as die akademie reik en die gemeenskap tot voordeel strek. Sy het ook gehaltebeheer in OT-publikasies beklemtoon en steun uitgespreek vir "oop evaluerings" wat die publiek betrek.

Dr Reggie Raju, Direkteur: Navorsing en Leer aan die Universiteit van Kaapstad, het oor die oorheersing van kommersiële uitgewers gepraat en bepleit dat vakkundigheid 'n openbare bate moet wees eerder as 'n winsgedrewe kommoditeit. Hy het na inisiatiewe soos diamant- oop toegang (DOT) verwys as lewensvatbare manier om akademiese publikasie vanaf kommersiële belange terug te wen.

Jeroen Sondervan, Programleier: Oop Vakkundige Kommunikasie by Open Science NL (verbonde aan die Nederlandse Navorsingsraad oftewel NWO), het die noodsaaklikheid van transformerende ooreenkomste en beleidshervorming beklemtoon. Hy het DOT bepleit om inklusiewe publikasie te bevorder en het aangevoer dat befondsing vir OT-infrastruktuur outeurs minder afhanklik van tradisionele metings soos sitasies en h-indeks kan maak. Die paneel het afgesluit met 'n gemeenskaplike verbintenis daartoe om OT-beleide te bevorder wat gelykheid en gemeenskapsimpak prioritiseer.




***Figuur 28:*** *Party van die sprekers by ons viering van Internasionale Ooptoegangweek 2024, van links na regs: Mimi Seyffert-Wirth, Ellen Tise, Marena Manley en Siviwe Bangani*

# VENNOOTSKAPPE 8

bande wat saamweef

# Vennootskappe

**Hierdie gedeelte sluit aan by ons strategiese doelwit 5:** om interne en eksterne vennootskappe en inklusiewe netwerke te bevorder.

Die opbou van "doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke" bly 'n kern- strategiese eis aan die US, en hierdie strategiese doelwit van die Biblioteek is regstreeks daarmee belyn. Vennootskappe het die Biblioteek in 2024 gehelp om ons beperkte hulpbronne uit te brei, ons dienste te verbeter en innovasie te help kweek.

Deur ons Senior Direkteur het ons 'n skarnierfunksie verrig in nasionale onderhandelings met internasionale uitgewers en Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke om van artikelverwerkingskoste (AVK's) afstand te doen of dit te verlaag sodat Suid-Afrikaanse navorsers in hibridiese vaktydskrifte kan publiseer. Hierdie werk het die Universiteit miljoene rand in potensiële AVK's op artikels bespaar.

Ons pluk nou die vrugte van werksaamhede om met ander belanghebbendes, soos die US Museum, te skakel. Die Biblioteek se uitstalling van Mei tot die einde van 2024 ter viering van 30 jaar van demokrasie is bewys daarvan.

## 8.1 Eksterne komitees

### *Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium*

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC) is 'n organisasie sonder winsoogmerk, en die Biblioteek is lid daarvan sedert die konsortium in 1999 gestig is. SANLiC fasiliteer kostedoeltreffende toegang tot hoëgehalte- vakkundige inligting by openbare instellings vir hoër onderwys en navorsing om navorsing, onderrig en leer te ondersteun. Die ledetal bestaan uit al 26 openbare universiteite in Suid-Afrika, 5 navorsingsrade en -institute, en die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika. Die US Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste is tans die raadsvoorsitter.

Deur die mag van kollektiewe bedinging aan te wend kon SANLiC in 2024 daarin slaag om kleiner prysverhogings vir subskripsieooreenkomste te onderhandel. Vier daarvan is lees-en-publiseer-ooreenkomste.

### *Kaapse Netwerk vir Hoëronderwysbiblioteke*

Die Kaapse Netwerk vir Hoëronderwysbiblioteke (CHELiN) is 'n projek van die Kaapse Hoëronderwyskonsortium (CHEC). Die lede is die Universiteit Stellenbosch Biblioteek- en Inligtingsdiens en die biblioteke aan die Universiteit van Kaapstad, die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie en die Universiteit van Wes-Kaapland.

Die oogmerk met CHELiN is om die kollektiewe vermoëns van die biblioteekdienste by al vier instellings aan te wend om optimale toegang tot hulle gehalte-inligtingsbronne te verskaf. Hierdie wederkerige ooreenkoms stel US-navorsers in staat om materiaal by die ander biblioteke aan te vra, en omgekeerd. Die Biblioteek het 54 boeke in 2024 vanaf CHELiN-lede ontvang en 219 boeke aan hulle uitgestuur.

Daarby is die Biblioteek gasheer van die CHELiN-webwerf en hou dit namens al die betrokke instansies in stand. 'n Ad hoc-werkgroep, wat uit 'n lid vanuit elke CHELiN-instelling bestaan, werk die inhoud van die werf gereeld by. Nuus oor gebeure, dienste en projekte van belang, sowel as jaarlikse leenstatistieke onder die instellings, word op die webwerf gelaai. Die werf is 3 227 keer in 2024 besoek.

## 8.2 Samewerking met studente

Aangesien die Biblioteek besef hoe belangrik dit is om met studente om te gaan, het ons gesamentlike uitstallings gehou wat aan studente 'n ruimte gegee het om hulle kreatiwiteit ten toon te stel en terselfdertyd hulle navorsingsprestasies in die kollig te plaas.

Ons het, in vennootskap met Arbeidsterapiestudente wat by die Sentrum vir Studente Voorligting en -ontwikkeling (SSVO) betrokke is, 'n boekuitstalling oor geestesgesondheid gedurende Geestesgesondheidsbewustheidsmaand (Julie) aangebied. Vir Wêreldgeestesgesondheidsdag, 10 Oktober, het ons weer aan 'n projek saamgewerk. Die studente het onder meer sirkelvormige uitdeelnotas met bevestigende stellings ontwerp en uitgedeel, en daar was 'n plakkaatuitstalling en 'n uitstalling met 'n seleksie uit die Biblioteek se boeke oor geestesgesondheid.

'n Verdere voorbeeld van die Biblioteek se rol as spreekbuis vir diverse stemme en inklusiwiteit is ons vennootskap met SR-lede Thandile Ngxikwe and Solomozi Mphambo gedurende Geslagsgelykheidsweek, in Augustus. As deel van die SR se inisiatief hiervoor het hulle 'n boek bekendgestel wat deur studente saamgestel is om queer narratiewe en ervarings op kampus te vier. Ter ondersteuning daarvan het die Biblioteek 'n afdeling rakke aan queer literatuur en vakkundigheid toegewy wat diverse identiteite en die kweek van dialoog oor geslag en seksualiteit vier.

9

# ONS MENSE

## bekwaamheid onder ’n diverse personeelkorps



# Ons Mense

**Hierdie gedeelte sluit aan by ons strategiese doelwit 6:** om bekwame, diverse en buigsame personeel te ontwikkel en te ondersteun. Dit skakel met twee van die Universiteit se strategiese doelwitte: om 'n voorkeurwerkgewer te wees en 'n florerende Universiteit Stellenbosch daar te stel.

Die Biblioteek het die volgende strategiese aksies ontwikkel om hierdie doelwit betekenisvol na te streef:

- Bevorder steeds bewustheid van en steun aan die US Beleid oor Gesondheid en Welwees.
- Skep en loods 'n pasgemaakte mentorskapprogram vir nuwe en huidige personeellede om loopbaan- en akademiese steun te verskaf.
- Ontwikkel 'n omvattende en pasgemaakte opleidings-en-ontwikkelingsprogram vir personeel.
- Maak voorstelle en beplan vir die Biblioteek se StEP-program (vir personeelontwikkeling) vir 2024.

## 9.1 Personeel

Die Biblioteek se personeelkorps het einde 2024 uit 102 personeellede bestaan, van wie 100 voltyds permanente aanstellings was en 2 deeltyds permanent. Twee personeellede is in eenjaarkontrakposte aangestel. Ons het ook 15 studenteassistente aangestel om na ure dienste by die takbiblioteke te verskaf.

By die jaareindgeselligheid, op 6 Desember, het ons van die volgende kollegas afskeid geneem: Henriëtte Swart, Direkteur: Takke, het 37 jaar diens aan die Biblioteek gelewer; Sarie Wilbers het 36 jaar as fakulteitsbibliotekaris gewerk; Annemarie Eagleton het 42 jaar by die Biblioteek gewerk, en Alna Marias 30 jaar.

## 9.2 Personeelopleiding en -ontwikkeling

Een van die Biblioteek se strategiese handelings is om 'n omvattende en pasgemaakte program vir personeelopleiding en -ontwikkeling te ontwikkel. Die #SmartStaff-program sluit verskeie soorte opleiding in wat daarop gemik is om vaardigheidsgapings te oorbrug en om nuwe en opkomende vaardighede te ontwikkel.

Die volgende geleenthede is in 2024 aangebied: 'Gebruik tegnologie tot jou voordeel by die huis en die werk', 'US Botaniese Tuin: ons navorsingsgenoot', 'Die pad na demokrasie: diverse manuskripversamelings', 'Raak 'n datageletterde bibliotekaris: digitale bemarking van biblioteekdienste', 'n inligtingsessie getiteld '3D-drukwerk in ons Makerspace' en konferensieterugvoer.

Personeel van die Universiteit van Lund (Swede) het die US in November 2024 besoek. David Holoshka, 'n bibliotekaris wat in inligtingstegnologie spesialiseer, was twee dae lank die Biblioteek se gas as deel van die Lund-Stellenbosch-program vir vermengde mobiliteit van PASD-personeel in 2024-2025. Die oogmerk van die program is om bande tussen die twee universiteite te versterk en terselfdertyd globale samewerkingsgeleenthede en kennisuitruiling te bevorder.

Mimi Seyffert-Wirth het van 10 tot 14 Junie die Erasmus-personeelopleidingsweek in Luik (België) bygewoon. Dit het gehandel oor hoe ons ons erfenis kan oopstel – uitdagings en geleenthede in die digitalisering en bevordering van kulturele en navorsingsversamelings.

Dr Siviwe Bangani het van 24 tot 28 Junie 'n opleidingsweek vir bibliotekarisse by die Universiteit van Bologna (Italië) bygewoon.

Norman Hebler het aan StEP2023/2024 deelgeneem, van 24 to 28 Junie, wat aan Biblioteekpersoneel verskeie geleenthede vir professionele ontwikkeling gebied het om die vaardighede te verbeter wat vir hulle huidige rol en toekomstige ontwikkeling nodig is deur ander akademiese of navorsingsbiblioteke plaaslik, nasionaal en internasionaal te besoek. Norman het die Liverpool John Moores University (VK) besoek, waar hy op die instelling se KI-inisiatiewe gefokus het.

## 9.3 Publikasies deur personeel

### *Artikels in vaktydskrifte*

Bangani, S. 2024. Leveraging community engagement to contribute to Sustainable Development Goals 8 and 11. *IFLA Journal*, 50(3):451-462. https://doi.org/10.1177/03400352241263533.

Bangani, S. 2024. 'Librarying' under the candlelight: The impact of electricity power outages on library services. *Open Information Science*, 8(1):20240008. https://doi.org/10.1515/opis-2024-0008.

Bangani, S. 2024. Stellenbosch University data repository certified by an international body as sustainable and trustworthy. *Liasa-In-Touch*, 25(2):28.

Mngomezulu, S. 2024. Launch of an open access webinar series, #BeOpenAccessSmart, at Stellenbosch University Library, *Liasa-In-Touch*, 25(4):24.

Ncume, PS. 2024. Stellenbosch University Library exhibition celebrates 30 years of democracy. *Liasa-In-Touch*, 25(3):25.

Schoeman, T. 2024. Beginning of a discovery journey: Summary of library orientation 2024. *Liasa-In-Touch*, 25(2):28.

Schoeman, T. 2024. Ellen R Tise honoured with prestigious SCECSAL Presidents' Award. *Liasa-In-Touch*, 25(3):22.

Schoeman, T. 2024. Top 10 of the IFLA PressReader International Marketing Award winners. *Liasa-In-Touch*, 25(3):24.

### *Noemenswaardige blog-artikels*

Mngomezulu, S & Bangani, S. 2024. Impact of transformational agreements in scholarly publishing [Aanlyn]. *Library Research News*. Beskikbaar: https://blogs.sun.ac.za/libraryresearchnews/2024/03/07/impact-of-transformational-agreements-in-scholarly-publishing/.

### *Aanbiedings by konferensies*

Bangani, S. 2024. Academic libraries, SDG 4 and 11: Fostering social cohesion through community engagement. Universiteit van Wes-Kaapland, Suid-Afrikaanse Biblioteekweek, 20 Maart.

Bangani, S. 2024. Open access and the SDGs: The nexus. Gesamentlike UNISA/UP-webinaar, Internasionale Ooptoegangweek, 22 Oktober.

Khati, P. 2024. Preservation of Special Collections material at Stellenbosch University Library and Information Service. Tweehonderdjaar-konferensie oor die bewaring van kennis en dokumentêre erfenis, Thaba Bosiu-kultuurdorpie, Maseru, Lesotho, 22-24 Augustus.

Maré, H. 2024. #Yourhistory: Embedding information literacy creating LibGuides for a history module. Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL) Konferensie, Stellenbosch, 5 November.

Moll-Willard, E & Wirth, K. 2024. Scaffolding and integrating Information literacy skills across the undergraduate programme. Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL) Konferensie, Stellenbosch, 5 November.

Ncume, PS. 2024. Bringing the 'hidden' to the 'public': The case of Hidden Years Music Archive. IAML Kongres (internasionale vereniging van musiekbiblioteke, -argiewe en -dokumentasiesentrums), 23-28 Junie.

Roux, M. Mapping skills and tools needed for researcher impact reports to the competencies model for bibliometric work. Plakkaatvoorlegging by die BRIC Konferensie (gemeenskap vir bibliometrie en navorsingsimpak), 5 Junie. Aanlyn.

Seyffert-Wirth, M. 2024. Digital heritage collections: Can we measure impact? Erasmus-personeelopleidingsweek by die Universiteit van Luik Biblioteek, België, 15 Junie.

Tise, E. 2024. Community over commercialisation. Paneelgesprek, Biblioteek- en Inligtingsdiens, Internasionale Ooptoegangweek, Stellenbosch, 17 September.

Tise, E. 2024. Hoofspreker by Gemeenskapsdienste, Gesondheid en Biblioteek- en Inligtingsdienste, Kaapstad, 10 Julie.

Tise E. 2024. North and south partnering for academic open access monographs. Paneelgesprek, Afrika-Fiesole wegbreekreeks oor versamelingontwikkeling, Kaapstad, 8 Mei.

Tise, E. 2024. Reflecting on 30 years of democracy in the South African library and information Sector. Hoofspreker, LIASA Suid-Afrikaanse Bibliotekedag, 10 Julie.

Tise, E. 2024. Research assessment within a diamond OA framework. 2de Globale Spitsberaad oor Diamant- Oop Toegang, Kaapstad, 13 Desember.

## 9.4 Kwalifikasies verwerf deur personeel

- Mbongiseni Magagula: MCom in Leierskapstudies (UKZN)
- Xabiso Xesi: Magister in Databewaring (UK)
- Bulelwa Sthetho: HonsBA in Sosiale Gedragstudies (MIV/vigs) (UNISA)
- Pamela Nyokwana: Honneursbaccalaureus in Inligtingswetenskap (UNISA)
- Celeste Lindoor: Baccalaureus in Inligtingswetenskap (UNISA)

## 9.5 Personeelprestasies en -toekennings

### *Langdienstoekennings*

Celeste Lindoor en Ricardo Galant het die Universiteit se 25-jaar-langdienstoekenning ontvang. Celeste het in April 1998 by die Biblioteek begin en was deur die jare heen 'n persoon wat uitnemendheid vergestalt het. Ricardo het in Mei van dieselfde jaar deel van die span geraak as assistent in ons Finansies-afdeling. Hy het die leer tot by administratiewe beampte geklim.

### *SCECSAL Presidentetoekenning*

Die Staande Konferensie van SCECSAL ('n liggaam vir biblioteek- en inligtingsverenigings van Oos-, Sentraal- en Suider-Afrika) het in 2024 hulle 50ste bestaansjaar gevier. Om hierdie mylpaal te gedenk het SCECSAL die presidente en voorsitters vereer van nasionale biblioteekverenigings wat hulle vereniging se eerste SCECSAL-konferensie in hulle onderskeie lande aangebied het.

Ellen Tise, US Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste, het hierdie gesogte toekenning ontvang vir haar uiters waardevolle bydrae tot die geslaagdheid van SCECSAL se 2002-konferensie, wat in Johannesburg gehou is. Haar werk het beduidend daartoe bygedra dat SCECSAL in die streek ontwikkel en gegroei het.

## 9.6 Bywoning van konferensies en geleenthede

Om in die dinamiese landskap van die 21ste eeu te floreer, moet universiteitsbibliotekarisse tot voortgesette persoonlike en persoonlike ontwikkeling, hetsy deur formele onderrig of informele leergeleenthede, verbind wees. So 'n verbintenis bemagtig hulle om sy aan sy met hulle snel veranderende beroep aan te pas, te evolueer en te transformeer. Daarom was een van die sleutelstrategieë vir 2024 om personeelvaardighede te versterk en sodoende te verseker dat hulle die ontwikkelende behoeftes van die akademiese gemeenskap doeltreffend kan vervul wat onderrig, leer en navorsing betref.

Biblioteekpersoneel het die volgende konferensies en werksessies bygewoon:

- Twaalf personeellede het vir formele studie ingeskryf; onder meer vir 'n PhD in Inligtingswetenskap, MPhil in Digitale Bewaring, M in Biblioteek- en Inligtingswetenskap, MCom in Leierskap, BInf en HonsBID en NG Dipl in Openbare Bestuur.
- Personeel het ook vir CHEC-kursusse ingeskryf, soos dié oor persoonlike leierskap en oor die beginsels en praktyke van projekbestuur.
- Die Biblioteek moedig personeel aan om hulle IT- en rekenaarvaardighede te slyp. Party het US-opleidingsprogramme in MS Excel vir beginners en in MS Word bygewoon, en twee personeellede het 'n program oor tafelrekenaar-, skootrekenaar- en bedienerbestuur bygewoon.
- Biblioteekpersoneel het verskeie konferensies bygewoon, onder meer AVOL, LIASA en IAML; 'n onderrig-en-leer-konferensie van die streek se regsfakulteite; Bemarking, Vordering en Kommunikasie in Onderwys; die Afrika-Fiesole wegbreekreeks oor versamelingontwikkeling; die Nasionale Universiteit van Lesotho se viering van die koninkryk se 200ste bestaansjaar, en Data-intensiewe Navorsingsinisiatief vir Suid-Afrika.
- Personeel het verskeie geleenthede, kursusse en werksessies deur die jaar heen bygewoon, onder meer instrukteursopleiding vir Carpentries – om navorsers basiese navorsingsrekenaarvaardighede vir sagteware, data en die biblioteek te leer; oopdatabestuur; outeursopleiding vir Elsevier; en prestasiebestuursopleiding deur US Menslike Hulpbronne (MHB).

## 9.7 Gemeenskapsbetrokkenheid, sosiale impak en personeelwelwees

Biblioteekpersoneel het aan verskeie ander gemeenskapsuitreikaksies deelgeneem, soos deur niebederfbare kos en ander items vir behoeftige studente te skenk as deel van ons Mandeladag-vierings, en deur 100 kaartjies as bydrae tot die US se Loslitdag-aktiwiteite te koop.

Om bewustheid en steun vir die US Beleid oor Gesondheid en Welwees te bevorder, het die Biblioteek sessies vir personeel aangebied wat op diversiteit, geslagsongelykheid en geestelike, emosionele en fisieke gesondheid gefokus het; onder meer 'Bly veilig by die huis, by die werk en op die pad', 'Stof tot vertroue: biblioteekstrategieë in die woestyn' ('n spanbou-oefening) en MHB-sessies oor professionele ontwikkeling, welweesprogramme en verlofprosedures.

Buiten die sessies wat by die Biblioteek gehou is, het personeel ook gebaat by die US Sportdag wat die MHB se Kantoor vir Werknemerwelstand georganiseer het. Meer as 39 personeellede het die geleentheid op 27 November bygewoon, waar hulle aan allerhande aktiwiteite deelgeneem het.


## 9.8 Personeelbetrokkenheid by professionele organisasies

Verskeie personeellede was in 2024 by professionele liggame betrokke. Ellen Tise is lid van die ORCID-raad en voorsitter van die SANLIC-raad. Dr Siviwe Bangani is mederedakteur van die South African Journal of Libraries and Information Science asook lid van die staande komitee van IFLA se afdeling vir akademiese en navorsingsbiblioteke. Wouter Klapwijk is lid van die staande komitee van IFLA se afdeling vir inligtingstegnologie, terwyl Bronwyn Bruton in CHELSA se taakspan vir dataontleding dien (deel van CHELSA se projek oor 'n databasis met nasionale statistieke) en Hendra Pretorius in CHELSA se komitee vir inligtingsgeletterdheid dien.




***Figuur 29:*** *Personeel van die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek; voor, van links: Kay Jacobs, Nombulelo Magwebu-Mrali en Yusuf Ras; agter, van links: Tracey Louw, Alvina Matthee, Franklin Februarie, Pamela Nyokwana en Lizanne Botha*

# ANDER AKTIWITEITE 10



# Ander Aktiwiteite

## 10.1 Biblioteekbesoekers

Die Biblioteek handhaaf steeds ons reputasie as normsteller vir talle nasionale en internasionale biblioteke. Een so 'n noemenswaardige onlangse skakeling was toe prof Luciano Saso (van die Sapienza Universiteit in Rome, Italië, se fakulteit aptekerswese en geneeskunde) ons op 19 Maart besoek het. Sy oogmerk was om dieper insig te verkry in die reeks dienste wat ons verskaf.

Ons het ook vir dr Jonathan Woodyard in Maart ontvang. Hy is Visepresident: Studentelewe en medeprofessor in historiese teologie aan Southwest Baptist University (Bolivar, VSA), en vir prof Daniel Adjei-Boateng, dr Patrick Karani en Etienne Hinrichsen van AU-IBAR (die Afrika-unie se inter-Afrika-buro vir dierenavorsing, in Nairobi, Kenia).

Ander besoekers was, onder andere, nuwe studente wat vir die MPhil in Volhoubare Ontwikkeling ingeskryf is, US-nagraadse studente uit die .Net-gemeenskap en studente uit die Senior Leefruimtes-kluster.

Prof Lisa Janicke Hinchliffe, 'n uitgelese gasdosent vanaf die Universiteit van Illinois by Urbana-Champaign (VSA), het die Biblioteek op 10 Mei besoek. Haar praatjie oor hoe om struikelblokke vir gebruikerstoegang tot inhoud uit die weg te ruim was insiggewend. Sy het waardevolle insigte in inisiatiewe soos Get Full Text Research, Seamless Access en die Article Sharing Framework verskaf. Dit het uitgeloop op 'n gesprek wat stof tot nadenke gebied het oor hoe biblioteke daardie vooruitgang kan aanwend om navorsers se ervaring te verryk.

Die besoek deur 'n afvaardiging vanaf die Universiteit van São Paulo (USP; Brasilië) op 16 Mei was 'n belangrike mylpaal in die kweek van internasionale samewerking. Die afvaardiging, onder leiding van prof Paulo Martins (dekaan by hulle fakulteit filosofie, tale en literatuur, en menswetenskappe) en prof Marcos Martinho (hoof van dié fakulteit se internasionale kantoor), het met die US geskakel om samewerkende geleenthede te verken en om die bande tussen Brasilië, Suid-Afrika en Frankryk te versterk deur inisiatiewe soos die IRC (internasionale navorsingsentrum), wat in 2023 tot stand gekom het.

Op 29 Augustus het ons kollegas vanaf die Universiteit van Zululand se biblioteek- en inligtingsdienste ontvang vir die 'n ykingsbesoek. Die afvaardiging het kritieke areas verken, onder meer navorsingsdatabestuur, navorsingsteun, kopieregbestuur en die digitalisering van spesiale versamelings. Die besoek het betekenisvolle uitruiling bevorder, insigte in beste praktyk opgelewer en samewerkende bande tussen die twee instellings versterk.

Buiten hierdie institusionele besoeke het ons ook verskeie leerders en onderwysers in skoolgroepe ontvang, hoofsaaklik om motivering vir tersiêre studie te stimuleer en om 'n blik op ervarings van die kampuslewe te gee.



***Figuur 30:*** *Universiteit van Zululand Biblioteek- en Inligtingsdienste-personeel saam met Universiteit Stellenbosch se Biblioteek senior bestuurspersoneel*

## 10.2 US Opedag

Die Biblioteek was 'n sleuteldeelnemer aan US Opedag 2024. Ons het ons fasiliteite en dienste aan voornemende studente en hulle ouers ten toon gestel. Dié geleenthede, wat deur Studentewerwing georganiseer is, het die Biblioteek 'n uitmuntende platform gegee om met toekomstige studente om te gaan, aanlyn sowel as persoonlik.

Die aanlyn geleentheid, op 6 April, het 'n reeks hulpbronne behels wat ontwerp is om 'n virtuele belewenis van die Biblioteek te bied. Onder die voorleggings was daar brosjures in Engels en Afrikaans, 'n omvattende afdeling met gereelde vrae, 'n kort videotoer deur die US Biblioteek en takbiblioteke, en 'n beskrywing in besonderhede – met foto's – van ons "stalletjie".

Die toere en aktiwiteite vir die geleentheid in lewende lywe, op 20 April, het 'n lewendige atmosfeer in die Biblioteek geskep. Die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek het ook op 20 April besoekers verwelkom. 'n Toegewyde span Biblioteekpersoneel het onvermoeid gewerk om te sorg dat alle besoekers – 1 928 altesaam – 'n boeiende ervaring kon hê wat glad verloop. Die terugvoer vanaf besoekers was oorweldigend positief.



***Figuur 31:*** *Biblioteek personeellid, Zisiwe Mnothoza (sittend) neem besoekers op 'n toer deur die US Biblioteek*



***Figuur32:*** *Opedag 2024 by die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek*

## 10.3 NextGen Maties

Die NexGen Maties-geleentheid maak deel uit van die US se oorskakelingsveldtog vir graad 12's. Dit bied 'n verpersoonlikte opkampus ervaring vir studente met voorwaardelike toelating en hulle ouers/voogde. Die Biblioteek het op 12 Oktober aan hierdie geleentheid deelgeneem deur begeleide besoeke te verskaf wat dienste soos die Makerspace en Spesiale Versamelings uitlig, asook ons oorhoofse dienste en ruimtes. Die US Biblioteek het 112 gaste vir die okkasie verwelkom.

## 10.4 IAML Kongres

Die IAML is 'n wêreldwye organisasie wat daartoe verbind is om die aktiwiteite van musiekbiblioteke, -argiewe en -dokumentasiesentrums te bevorder. Hulle werk ondersteun projekte in musiekbibliografie, musiekdokumentasie en musiekbiblioteek- en -inligtingswetenskap op nasionale sowel as internasionale vlak. 'n Sleutelkomponent van die IAML se werk is hulle jaarlikse internasionale kongres, wat onder die ledelande roteer en 'n platform vir kennisuitruiling, samewerking en die viering van musiekerfenis bied.

Die 2024-geleentheid, wat van 23 tot 28 Junie plaasgevind het, was 'n historiese okkasie vir die vereniging: die eerste IAML-kongres op Afrikabodem. Die Biblioteek het hierdie mylpaalgebeurtenis georganiseer. Die hooflokaal was by die US Konservatorium, wat een van die grootste akademiese musiekbiblioteke in Suid-Afrika huisves.

Die openingseremonie, op Sondag 23 Junie, was 'n onvergeetlike ervaring waar 156 afgevaardigdes uit 28 lande – onder meer 8 Afrikanasies – verwelkom is. Een van die hoogtepunte was die uitvoering deur die welbekende tradisionelemusiek-kunstenaar en kultuurhistorikus Dizu Plaatjies. Hy het die gehoor op 'n musikale reis oor Afrika heen geneem en aan die vasteland se ryk en uiteenlopende musiektradisies bekendgestel.



***Figuur 33:*** *Openingseremonie van die IAML Kongres, Sondag 23 Junie*

Die IAML se 2024-program het verskillende onderwerpe gedek, met sterk klem op Afrika. Dit het die vasteland se diverse musiektradisies en kontemporêre innovasies weerspieël. Die onderwerp het ingesluit koloniale en postkoloniale impak, digitale versamelings, musiekinstellings, musiek-enkodering, inheemse en volksmusiek en -instrumente, en populêre kultuur in Afrika. Hierdie tematiese klem het nie net Afrika se musiekerfenis gevier nie, maar ook gesprek en samewerking onder Afrika- en ander vakkundiges en praktisyns aangemoedig.

## 10.5 Opname oor die gebruik van ruimtes en diversiteit

Die Biblioteek het van 4 September tot 4 Oktober 'n aanlyn opname gedoen om ons kliënte se gebruikspatrone van ons ruimtes en hulle diversiteit te verstaan. Ons het 886 response ontvang, waarvan 71% van voorgraadse studente af was. Die data toon dat 27% van die respondente die Biblioteek elke dag besoek, hoofsaaklik om te studeer, en dat 69% van alle respondente verklaar dat hulle tevrede of hoogs tevrede met ons huidige ruimtes is. Wat diversiteit betref, was meer as 79% van die respondente tevrede of hoogs tevrede met inklusiwiteit by die Biblioteek, waar ons individue vanuit uiteenlopende agtergronde akkommodeer. Hoewel die resultate oorhoofs bemoedigende tevredenheidsvlakke toon, let die Biblioteek op na aspekte wat verbeter kan word – soos dat 30% van die respondente neutraal of ontevrede oor ons fisieke ruimtes voel.

Die Biblioteek is steeds besig om die byna 3 000 opmerkings vanaf respondente te ontleed sodat ons kliënte se behoeftes en prioriteite beter kan begryp. Hierdie insigte sal uitvoerbare veranderings belig wat kan verseker dat ons steeds as 'n verwelkomende, inklusiewe en gebruikergerigte ruimte funksioneer.

## 10.6 Verwelkoming vir nuwelinge

Vanaf 5 Februarie kon 'n mens die opgewonde afwagting op ons oriënteringsprogram deur die US Biblioteek heen hoor en aanvoel. Die tema was: "Kom ons biblioteek saam!" Ons toegewyde personeel het honderde nuwelinge verwelkom en op hulle reis deur hierdie wye see van kennis begelei.



***Figuur 34:*** *Studente wag buite die US Biblioteek om by 'n begeleide toer aan te sluit*

Studente het 'n kort maar leersame toer van die Biblioteek se vernaamste ruimtes gekry, onder meer die innoverende Makerspace, Leersentrum en stil areas vir studie. Die toer is afgesluit met 'n boeiende video wat ons dienste en hulpbronne bekendstel. Die US Biblioteek is opgevrolik deur 'n verrassingsbesoek deur die Universiteit se gelukbringer, Pokkel, wat dié plesierige geleentheid in almal se geheues sal laat voortleef.



***Figuur 35:*** *Die US-gelukbringer, Pokkel, het studente aangenaam kom verras met gratis geskenkies en hulle 'n entoesiastiese Meksikaanse golf in die US Biblioteek se ouditorium laat uitvoer*

Na die oriëntering het ons hulle van GetSmart@URLibrary vertel, 'n waardevolle geleentheid om studente se inligtingsgeletterdheidsvaardighede te verbeter deur een-tot-een-konsultasies met Biblioteekpersoneel waarvoor hulle net kan instap.

## 10.7 Vaarwel aan Bellvillepark-kampus Biblioteek

Na byna vier dekades van dienslewering het die Bellvillepark-kampus Biblioteek (USBB) aan die einde van 2024 amptelike hulle deur as takbiblioteek gesluit. Dit sluit 'n era af, maar is ook die begin van 'n nuwe hoofstuk vir biblioteekdienste by die Stellenbosch Besigheidskool en die Skool vir Publieke Leierskap.

Die USBB se verhaal begin in 1986, toe die Besigheidskool na ons Bellvillepark-kampus verskuif het. Wat aanvanklik as die Bellvillepark-kampus Inligtingsentrum (USBI) bekendgestaan het, het begin as 'n beskeie versameling gedrukte materiaal en 'n toegewyde span met twee personeellede. 'n Paar jaar later het die klein "satelliet"-biblioteek 'n takbiblioteek geraak en in 2002 na 'n nuwe fasiliteit verskuif.



***Figuur 36:*** *Bellvillepark-kampus Biblioteek*

Henriëtte Swart, Direkteur: Takbiblioteke, het in 1987 by die USBB aangesluit. Sy onthou dat hulle 'n spilpunt vir die voltydse MBA-studente en breër Bellvillepark-kampusgemeenskap geraak het, en dat akkreditasieverslae die USBB dikwels as sleutelbydraer tot akademiese sukses uitgesonder het.

Aangesien verkeer ná die Covid-19-pandemie afgeneem en biblioteekdienste toenemend virtueel geraak het – al van voor die pandemie – is daar besluit om die fisieke biblioteek aan die einde van 2024 te sluit. Die akademiese gemeenskap by die Bellvillepark-kampus sal voortaan 'n virtuele biblioteekdiens en omvattende biblioteekondersteuning ontvang.

Vanaf Januarie 2025 sal 'n klein versameling fisieke boeke wat gereeld gebruik word, steeds op kampus gehou word vir uitleen, en Besigheidskool-personeel sal help met operasionele take soos dokumentaflewering, sirkulasie en versoeke tussen takke. Die biblioteekdiens sal robuus bly en verseker dat toegang tot elektroniese hulpbronne soos databasisse, e-boeke en e-vaktydskrifte glad verloop. Judy Williams, Fakulteitsbibliotekaris vir Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe by die US Biblioteek, sal voortgaan om steun, opleiding en konsultasies rakende virtuele toegang te verskaf.

Die USBB laat 'n nalatenskap van uitnemendheid, innovasie en gemeenskap. Vanaf die begindae as klein fasiliteit met beperkte hulpbronne tot hulle rol as akademiese steunstelsel was die USBB byna vier dekades lank 'n hoeksteen van ons Bellvillepark-kampus.

## 10.8 Lesing deur die onderafdeling Manuskripte

Die Biblioteek het op 1 Oktober 'n paneelbespreking, 'Demokrasie deur die lens van primêre dokumente in Spesiale Versamelings', as deel van die Woordfeesprogram aangebied. Dit was die 14de lesing deur die onderafdeling Manuskripte wat in die Woordfees-reeks Diskoers aangebied is. Die gesprek het 'n diverse groep paneellede bymekaargebring om te besin oor die belangrikheid van primêre bronne in navorsing en kontekstualisering in Suid-Afrika se politieke geskiedenis. Die fokus was op versamelings rakende Suid-Afrika se pad na demokrasie van die 1980's af aan, met die klem daarop dat daardie materiaal steeds nuwe navorsing stimuleer en dieper insigte in die land se politieke transformasie verskaf.

In haar verwelkomingstoespraak het Ellen Tise – Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste – die kritieke rol beklemtoon wat primêre bronne vervul om die geskiedenis van demokrasie in Suid-Afrika te bewaar. Die onderafdeling Manuskripte huisves meer as 480 manuskripversamelings wat onderwerpe soos Suid-Afrikaanse kunstenaars, persfigure en politieke geskiedenis dek. Dit getuig van die Biblioteek se voortgesette verbintenis daartoe om ons versamelings te diversifiseer en 'n omvattende oorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis te verskaf.

Die paneelgesprek is gelei deur dr Marietjie Oelofsen, wat aan joernalistiekstudente opdrag gegee het om artikels te skryf wat op die IDASA Versameling begrond is. Sy het die studente genooi om by die geleentheid te kom vertel van hulle ervaring om met daardie primêre bronne te werk. Albei HonsBA (Joernalistiek)-studente, Sherie Vollenhoven en Nkululeko Ndlovu, het genoem dat hulle dit geniet het om met die fisieke materiaal om te gaan, veral koerante en tydskrifte. Hulle het beklemtoon hoe daardie bronne vir hulle tersaaklike narratiewe blootgelê en persoonlike nadenke gestimuleer het oor die onverwagte ontdekkings wat hulle gemaak het.



***Figuur 37:*** *Van links na regs, joernalistiekstudente Nkululeko Ndlovu en Sherie Vollenhoven, en dr Marietjie Oelofsen (US Museum)*

## 10.9 Demokrasie-uitstalling

Suid-Afrika het in 2024 die 30ste bestaansjaar van ons demokratiese bestel gedenk na daardie eerste demokratiese verkiesing van 27 tot 29 April 1994. Om hierdie mylpaal te vier, het die Biblioteek 'n uitstalling op 13 Mei bekendgestel: '1994-2024 – Demokrasie in Suid-Afrika: 'n geskiedenis wat deur unieke biblioteekversamelings vertel word'. Die uitstalling het dokumente ingesluit wat in die afdeling Spesiale Versamelings bewaar word, met seleksies uit die Suid-Afrikaanse Skuldkrisis 1985/86 Versameling, die Frederik Van Zyl Slabbert Versameling, die IDASA Versameling, die Suid-Afrikaanse Verkiesings Versameling en meer. Die materiaal – dokumente, foto's, koerante, politieke plakkate en boeke – het sleutelmomente in Suid-Afrika se demokratiese geskiedenis uitgebeeld. Daar was onder meer plakkate vir kiesersopvoeding, 'n foto van Nelson Mandela wat sy stem uitbring, 'n brief deur Mandela oor die heronderhandeling van Suid-Afrika se skuld in die 1980's, handgeskrewe notas deur Slabbert oor die 1987- Dakar Konferensie, en 'n handgeskrewe kopie van "Die Stem" deur CJ Langenhoven.

Deur besoekers voor die suksesse en voortgaande uitdagings van demokrasie te stel, wou die uitstalling mense terugvoer na bepalende momente wat die nasie se demokratiese identiteit help vorm aanneem het. Sodoende het die Biblioteek vakkundige omgang bevorder en huidige en toekomste geslagte besiel om demokratiese beginsels te handhaaf en te verdedig, wat 'n inklusiewe en lewenskragtige demokrasie vir die toekoms aanhelp. Die uitstalling het onderstreep watter noodsaaklike rol biblioteke in 'n demokratiese samelewing vervul.




***Figuur 38:*** *Uitstalling: 30 Jaar van Demokrasie*

## 10.10 IFLA PressReader-toekenning vir internasionale bemarking

Die Biblioteek se TikTok-inskrywing, oor hoe om die Biblioteek via TikTok te bemark, was onder die tien finaliste vir die IFLA PressReader-toekenning vir internasionale bemarking in 2024. Ons is trots daarop dat ons innoverende benadering tot biblioteekbemarking erkenning ontvang het as een van die bestes onder 107 uitmuntende en diverse voorleggings vanoor die wêreld.

Ons inskrywing het uitgestaan weens die kreatiwiteit en doeltreffendheid waarmee dit die dienste en ruimtes ten toon stel wat by die Universiteit Stellenbosch vir studente beskikbaar is. Deur TikTok-tendense aan te wend, het fakulteitsbibliotekarisse studente bereik op 'n platform waarmee hulle bekend is en is die Biblioteek op 'n prettige, informele manier bekendgestel. Wat die impak van die video betref, het fakulteitsbibliotekarisse anekdoties opgemerk dat studente gemakliker daarmee voorkom om hulle om bystand te nader, en dat studente dikwels noem dat hulle die video's geniet.

Terugvoer vanaf die beoordelaars lui: "Die Universiteit Stellenbosch se sterk inisiatief met TikTok om die biblioteek te bemark, stel 'n baanbrekersprong in uitreiking na studente daar. Deur die lewenskragtige wêreld van kortvideo's te omarm, het hulle biblioteekbemarking in 'n boeiende ervaring omskep. Die Universiteit Stellenbosch verdien lof vir hulle vooruitdenkende benadering, waarmee hulle die mag van sosiale media aanwend om te verbind, in te lig en te besiel" (vertaal uit Engels).



# 11 SLOTOPMERKINGS

# Slotopmerkings

As ek op die vooruitgang en prestasies van 2024 terugkyk, tref dit my as prysenswaardig dat die Biblioteek in die voortdurend ontwikkelende behoeftes van die akademiese gemeenskap voorsien het met dienste, ruimtes en hulpbronne van wêreldgehalte, ondanks uitdagings soos beperkte fondse en kapasiteit. Hierdie toewyding is instrumenteel in ons ondersteuning van die Universiteit Stellenbosch se visie, missie en strategiese prioriteite.

Ons het van die Bellvillepark-kampus Biblioteek (USBB) afskeid geneem en moes terselfdertyd totsiens sê vir Henriëtte Swart, Direkteur: Takbiblioteke en Hoof: USBB. Sy het nagedink oor die rol wat die USBB as spilpunt vir studente en die breër kampusgemeenskap vervul het. Akkreditasieverslae het dié fasiliteit dikwels as sleutelbydraer tot akademiese sukses uitgesonder. Die USBB se nalatenskap is uitnemendheid, innovasie en gemeenskap. Vanaf die begindae as klein fasiliteit met beperkte hulpbronne tot hulle rol as akademiese steunstelsel was die USBB byna vier dekades lank 'n hoeksteen van ons Bellvillepark-kampus.

Ons moes aan die einde van 2024 ook afskeid neem van vier kollegas wat aftree: Henriëtte Swart en Alna Marais, wat by die USBB was; Sarie Wilbers, wat Fakulteitsbibliotekaris vir Opvoedkunde was; en Annemarie Eagleton, wat by die Teologiebiblioteek was. Ons bedank hulle vir dekades van toegewyde diens en bydraes van onskatbare waarde tot die Biblioteek se sukses.

Ons het die eer gehad om die 2024- IAML Kongres aan te bied. Synde die eerste sodanige geleentheid op Afrikabodem was IAML 2024 'n grensverskuiwende okkasie waar nuwe bande gesmee, Afrika se musiekerfernis gevier en die weg na toekomstige samewerking voorberei is.

Ter viering van Suid-Afrika se 30ste jaar as demokrasie het ons deur middel van die Biblioteek se unieke versamelings bygedra tot 'n uitstalling in die US Biblioteek wat sleutelmomente uitgelig het wat die nasie se demokratiese identiteit help vorm aanneem het.

In aansluiting by ons benadering wat digitaal eerste stel, en by die US se agenda vir digitale transformasie, het die Biblioteek in 2024 beduidend met KI-inisiatiewe gevorder. Noemenswaardige suksesse sluit in die digitalisering van biblioteekprosesse, die ingebruikneming van 'n kletsbotstelsel, die instelling van datavisualiseringsdienste en die bekendstelling van virtuelewerklikheidsdienste. Sodoende het ons ons posisie as toonaangewende en innoverende biblioteek op die Afrikakontinent verstewig.

Die resultate van die opname oor ons kliënte se diversiteit en hoe hulle ons ruimtes gebruik, wat die Biblioteek in 2024 uitgevoer het, het bevestig dat kliënte hoogs tevrede is met die Biblioteek as ruimte vir samewerking, studeer, raadpleging van personeel, verrigting van navorsing en suksesvolle afhandeling van hulle akademiese werk.

Wat die toekoms betref, kan die Biblioteek op ons diverse, kundige, beweeglike en hardwerkende personeel staatmaak om uitdagings wat opduik te navigeer en geleenthede aan te gryp. Om so baie te vermag, gebeur nie vanself nie; dit sou onmoontlik gewees het sonder die gesamentlike harde werk van alle betrokkenes.

*Ellen Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste*

## Lede van die Biblioteekkomitee van die Senaat in 2024

Prof S Moyo, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies

Prof J du Plessis, Regsgeleerdheid

Prof N Gey van Pittius, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Prof AL Cloete, Teologie

Dr C Makhetha, Senior Direkteur: Studentesake

Prof S Cornelissen, Lettere en Sosiale Wetenskappe

Prof D Ramjugernath, Viserektor: Leer en Onderrig

Prof GF Midgley, Skool vir Klimaatstudie

Prof C Schutte, Ingenieurswese

Prof S von der Heyden, Natuurwetenskappe

E Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens

M Bolotina, Studenteraad

H Swart, sekretaris


design
workspace



